# HOOFSTUK 3

# WAARDE-ORIËNTASIE AS FAKTOR BY DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

## 3.1 INLEIDING

Dit is in die oriënterende inleiding aangedui dat die verband tussen die persoonlike waarde-oriëntasies van milieu-benadeelde ouers enersyds en die invloed daarvan op die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind andersyds, in die onderhawige studie onder die soeklig val. Vervolgens word dan nou oorgegaan tot 'n ondersoek na die wyse waarop die persoonlike waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer die gesinsopvoeding beïnvloed, veral in terme van die opvoedingstyl van die ouer, die opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind.

## 3.2 WAARDE-ORIËNTASIE EN OPVOEDING

Dit is reeds beklemtoon dat 'n persoon se waarde-oriëntasie 'n bepalende invloed uitoefen op talle aspekte van sy lewe en dat die waarde-oriëntasie van ouers as 'n belangrike faktor beskou kan word by die beïnvloeding van hulle opvoedingsgedrag en die realisering van hulle opvoedingsdoelwitte. Waarde-oriëntasie het derhalwe 'n invloed op verskeie aspekte van die ouers se lewe, meer spesifiek op die onderskeie aspekte van die gesinsopvoeding wat deur hulle verwerklik word.

Die belangrikheid van waardes, wat in noue verband staan met persoonlike oortuigings, word dikwels in die literatuur beklemtoon, soos uit die volgende uitsprake blyk:

- *"The value concept, more than any other, should occupy a central position ... able to unify the apparently diverse interests of all the sciences concerned with human behavior"* (Rokeach, 1979:3).

- *"... theorists view values as the criteria people use to select and justify actions and to evaluate people (including the self) and events. We, too, adopt this view of values as criteria rather than as qualities inherent in objects"* (Schwartz, 1992:1).

- *"... general cultural values (i.e., the way a cultural group views children) will influence parents' attitudes toward and goals for their children"* (Okagaki & Divecha, 1993:37).

- *"Beliefs can serve as a source of parental teaching and management behaviors, influencing the child's intellectual and personal-social development"* (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:349).

- *"Value consists of the importance that is assigned to a particular behavior or the worth of a characteristic ... value refers to what the parent considers an important outcome either in the child, in their relationship, or in the parent's own life. If the parent values the child's independence the parent becomes more likely to place a value on actions that are believed to foster such autonomy ..."* (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:351).

Waardes word beskou as die mees abstrakte vorm van sosiale kognisie wat deur 'n individu gebruik word om algemene response op stimuli te stoor en verdere response en gedrag te rig. Waarde-oriëntasie verteenwoordig in werklikheid die vorige ervaringe van 'n individu en verskaf riglyne om nuwe keuses te maak en uit te voer. Waardes ontwikkel dus uit lewenservaring, waar ervaringe opgedoen word deur interaksie met die omgewing in 'n poging om optimale interaksie met die omgewing te bewerkstellig (Kahle, 1996:135).

Hofstede, Neuijen, Ohayv en Sanders (1990:291) beklemtoon die verband tussen waardes en kultuur in hulle uitspraak dat 'n onderliggende waarde-oriëntasie een van die belangrikste boustene van enige kultuursisteem vorm. Die kern van enige kultuur word gevorm deur bepaalde waardes, of breë gevoelens ten aansien van bepaalde sake, wat manifesteer as alternatiewe wyses van gedrag. Die funksie van waardes is om individue se gedrag te reguleer sodat hulle by die groep waaraan hulle behoort, hetsy 'n kultuurgroep of ander sosiale groepering, kan aanpas en die voorgeskrewe riglyne van die groep kan gehoorsaam (Schein, 1992:10).

Soos elders gemeld, word elke sosio-ekonomiese groepering deur 'n bepaalde unieke kultuur, lewensbeskouing, waardesisteem en gedragspatrone gekenmerk. Hierbenewens beskik kinders uit die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge oor unieke, andersoortige opvoedingservaringe en word hulle aan uiteenlopende geleenthede en vorme van beloning blootgestel. 'n Uitkoms hiervan is dat kinders uit die onderskeie sosio-ekonomiese klasse eiesoortige kenmerke toon ten opsigte van persoonlikheidstruktuur, gedrag en houdings (Mussen, 1979:65).

Die aard van die probleme wat mense uit die laer- of werkersklasse ervaar, verskil van dié probleme waarvoor mense uit die middel- en hoër klasse te staan kom. Hierbenewens streef mense uit milieu-benadeelde groeperinge ander doelwitte na en huldig hulle ander waardes as dié van hoër sosio-ekonomiese klasse. Die opvoedingsgedrag wat hulle teenoor hulle kinders verwerklik, word op grond van hierdie verskille op 'n bepaalde wyse gerig.

'n Voorbeeld van die wyse waarop die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer die gesinsopvoeding beïnvloed, is dat dié ouer gewoonlik meer **konformerend** ingestel is by die opvoeding van sy kind. Alhoewel dit nie veralgemeen kan word nie, wil dit voorkom asof ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde ouers) gewoonlik meer krities, bestraffend en

onverdraagsaam ten aansien van ongehoorsaamheid is as ouers uit middel- en hoër sosio-ekonomiese klasse (Pienaar, 1997:171; Shaffer, 1996:612).

Kohn (1977:xxxii-xxxiii) merk die volgende op in verband met die invloed van die waardes van milieu-benadeelde ouers op hulle opvoedingsgedrag:

> *"... working class parents' **higher valuation of conformity** to external authority, influences their disciplinary practices and also the allocation, between mother and father, of responsibility for providing support to, and imposing constraints on, their children"* (my beklemtoning).

In die literatuur word tien tipes motiveringswaardes onderskei, op grond waarvan die mens se gedrag, ook die opvoedingsgedrag van die ouer, gedryf word, te wete mag, prestasie, hedonisme, stimulasie, selfbestuur, universalisme, welwillendheid, tradisie, sekuriteit en **konformering**. Waar selfbestuur gerig is op vryheid, kreatiwiteit, onafhanklikheid, die kies van eie doelwitte, nuuskierigheid en selfrespek, impliseer **konformering** die nastreef van gehoorsaamheid, selfdissipline, beleefdheid en respek vir ouers en ander ouer persone. Gehoorsaamheid impliseer pligsgetrouheid en die nakom van verpligtinge, selfdissipline omsluit selfweerhouding en versoekingsweerstand, terwyl beleefdheid op goeie maniere en hoflikheid dui. Die sentrale doelwit van die waarde **konformiteit** is dus die beperking van enige vorm van gedrag of impuls wat ander moontlik kan skade aandoen of wat sosiale verwagtinge of norme kan skend (Jacobs, 1995:52; Schwartz, 1992:4; 6 & 9).

Volgens Kohn (1977:35) is die belangrikste verskil tussen konformiteit en selfbestuur daarin geleë dat laasgenoemde op interne standaarde vir gedrag gerig is, terwyl konformiteit op ekstern opgelegde reëls fokus. Selfbestuur hou verband met intensie of onderliggende motief, terwyl konformiteit op gevolge afgestem is.

Die wyse waarop opvoedingsgedragspatrone by die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge verskil, is dikwels die fokus van navorsingsprojekte. Veral Kohn (1977:xxvi) het verskeie studies onderneem van die verband tussen sosiale klas en waarde-oriëntasie. Van sy bekendste bevindinge dui daarop dat hoe laer die sosiale klas is waaraan 'n persoon (ouer) behoort, hoe groter die moontlikheid dat hy konformiteit aan eksterne outoriteit as waarde sal nastreef en dat hy dienooreenkomstig sal glo in die blote navolg van voorskrifte, as die beste, moontlik selfs die enigste uitvoerbare wyse van gedrag. Hierdie bevindinge is met verloop van tyd deur verskeie ander studies bevestig.

Holden (1995:367-368) verwys na een van die eerste studies wat in hierdie verband onderneem is deur Gildea, Glidewell en Kantor (1961), waar bevind is dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge, in teenstelling met moeders uit middel en hoër sosio-ekonomiese klasse, gewoonlik gekenmerk word deur strenger houdings ten opsigte van die dissiplinering van hulle kinders, 'n groter mate van onsekerheid ten aansien van hulle vaardigheid as opvoeders en 'n mindere mate van verantwoordelikheid vir gedragsprobleme wat deur hulle kinders openbaar word. Hierbenewens bevestig navorsing telkens die verskynsel dat milieu-benadeelde ouers minder geneig is om warmte teenoor hulle kinders te openbaar en meer geneig is om absolute gehoorsaamheid as waardevol te ag en van hulle kinders te vereis.

Alhoewel 'n verskeidenheid faktore bydra tot sosiale klasverskille met betrekking tot gesinsopvoeding, word ekonomiese oorwegings as die belangrikste faktor beskou. Daar bestaan betekenisvolle verbande tussen die ekonomiese nood waarin 'n gesin verkeer, die onverskillige opvoedingstyl van die ouers en anti-sosiale gedrag en aanpassingsprobleme van die kinders. Die lewe in lae sosio-ekonomiese omstandighede wat deur 'n gebrekkige inkomste gekenmerk word, is waarskynlik spanningsvol. Dit lei dikwels daartoe dat milieu-benadeelde ouers meer geïrriteerd, prikkelbaar en kwesbaar is vir negatiewe lewensgebeure, wat noodwendig weer die wyse waarop hulle hul opvoedingstaak aanpak en


verwerklik, beïnvloed. Op dié wyse het ekonomiese tekorte 'n beperkende uitwerking op die ouers se vermoë om warmte, ondersteuning en betrokkenheid aan hulle kinders te betoon (Pienaar, 1997:171; Shaffer, 1996:612).

'n Verdere verband tussen ekonomiese faktore en ouerskapstyle is gefundeer in die verskil tussen blou- en witboordjiewerkers, gebaseer op die vaardighede wat in hulle beroepe belangrik is en vereis word. Weens die feit dat 'n groot gedeelte van die broodwinners uit laer sosio-ekonomiese klasse blouboordjiewerkers is, waar toesighouers tevrede gestel, gesag eerbiedig en opdragte uitgevoer moet word, beklemtoon milieu-benadeelde ouers gewoonlik gehoorsaamheid en respek vir gesag. Hierdie aspekte word deur hulle as belangrik beskou, juis vanweë hulle oortuiging dat dit noodsaaklik is ten einde sukses te behaal in die blouboordjie-werksomgewing. Hierteenoor redeneer en onderhandel ouers uit die middel- en hoër inkomste-groepe met hulle kinders en is hulle gerig op individuele inisiatief, weetgierigheid en kreatiwiteit, vanweë hulle oortuiging dat hierdie vaardighede, kenmerke en vermoëns belangrik is vir witboordjiewerkers in die sakewêreld en professionele beroepe. Op dié wyse beïnvloed die werksomgewing van die vader sy wêreldbeskouing, asook sy siening ten aansien van noodsaaklike vaardighede en vermoëns waaroor sy kind moet beskik om in 'n beroepswêreld te kan oorleef. Dit het derhalwe 'n bepalende invloed op dit wat die ouer as belangrik beskou en as waarde nastreef by die opvoeding van sy kind (Shaffer, 1996:613; Holden, 1995:368).

Holden (1995:368) stel die verband tussen sosiale klas en ouerlike opvoedingsgedrag (gebaseer op Kohn se model) skematies voor. Kyk Figuur 3.1 in dié verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**FIGUUR 3.1** : Die verband tussen sosio-ekonomiese status en ouerlike opvoedingsgedrag (Holden, 1995:368)




Dit is voor die hand liggend dat die opvoedingsgedrag van die ouer, met bepaalde waardes en houdinge onderliggend daaraan, 'n invloedryke effek het op die kind. Uitsprake in dié verband word veral tydens die afgelope aantal dekades gemaak, waarvan die volgende as voorbeelde dien:

- *"It is generally accepted that the most potent of all influences on social behavior is derived from the primary social experience with the mother. If a mother maintains toward the child a consistent attitude of, let us say, indifference and hostility, the assumption is made that the child's personality is greatly affected thereby. His outlook on life, his attitude toward people, his entire psychic well-being, and his destiny are presumed to be altered by the maternal attitude"* (Levy, 1931 in Holden, 1995:362).

- *"The parents' experiences, their attitudes and behavior, influence the character and behavior of the children, who in turn carry over these attitudes into their later lives, their marital adjustments and in relation to their own families. Thus a vicious circle is created"* (Field, 1940 in Holden, 1995:359).

- *"The importance of parental attitudes in the development of personal and social behavior is one of the basic tenets in the fields of child development and parent education"* (Burchinal, Hawkes & Gardner, 1957 in Holden, 1995:360).

- *"Die grootwording van die opvoedeling vind vanaf geboorte in volgehoue interaksie tussen die kind en sy ouers as opvoeders plaas. Die ouer tree namens die kleuter op waar hy nog nie selfstandig kan handel nie en gee struktuur aan die werklikheid sodat die kleuter 'n greep daarop kan kry ... Die huislike opvoeding lê die basis vir die toereikende psigiese lewensvoltrekking van die kind en daarmee ook die toereikende leer- en skoolgereedwording van die kleuter. Dit onderstreep die belangrikheid van die vroeë kinderjare in die toereikende psigiese lewensvoltrekking van die kleuter"* (Lambinon, 1987:34).

- *"... parental values which determine their approach to discipline, influence the child's attitude to his environment, long-term goals and consequently the degree of motivation towards academic achievement"* (Rosa, 1994:96).

- *"... beliefs permeate parents' actions, not only with their children, but also with the larger environment ... beliefs provide a means for generating behaviors, that may then affect the child's development, in response to parenting demands"* (McGillicuddy-De Lisi & Sigel, 1995:333).

Holden (1995:362) stel dié belangrike verband tussen ouers se houdings, hulle opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die kind liniêr voor. Kyk Figuur 3.2 in dié verband.

**FIGUUR 3.2** : Die verband tussen ouerlike houdings, opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die kind (Holden, 1995:362)



Opvoeding behoort altyd gerig te wees op die optimale ontwikkeling van die kind. Talle faktore kan egter 'n nadelige uitwerking hê op die ontwikkeling van die kind en tot probleme aanleiding gee. Enkele van hierdie faktore is 'n ontoereikende opvoeding, waar ouers weens redes soos onkunde of ongunstige opvoedingspraktyke die optimale ontwikkeling van die kind belemmer, ongunstige onderliggende faktore met betrekking tot die opvoedingsituasie (soos armoede, gebrekkige behuising of pedagogies-onaanvaarbare opvoedingspraktyke) en ongunstige faktore in die skoolsituasie (Ferreira, 1991:2-3). In die milieu-benadeelde situasie werk faktore soos 'n ontoereikende opvoeding op grond van onkunde, asook ongunstige faktore met betrekking tot die opvoedingsituasie (soos armoede en gebrekkige behuising) dikwels die optimale ontwikkeling van die kind teë.

Benewens negatiewe verbande tussen konformiteit, outoritêre oortuigings en sosio-ekonomiese status, wat deur navorsing uitgewys is, dui navorsing ook daarop dat dié oortuigings 'n negatiewe verband toon met die kognitiewe prestasies van kinders. Hierbenewens is bevind dat persepsies van ouerlike doeltreffendheid (byvoorbeeld oortuigings ten aansien van die mate waarin ouers hulle kinders se ontwikkeling kan beïnvloed) 'n verband toon met oortuigings ten opsigte van ouerlike gedragspatrone. Ouers wat sogenaamd minder doeltreffend is, is minder geneig om die belangrike invloed wat die mate van liefdesbetoning aan hulle kinders en die voorbeeld wat hulle stel, op die ontwikkeling van die kind het, te erken, as wat meer doeltreffende ouers geneig is. Hierbenewens is minder doeltreffende ouers voorstanders van streng dissipline as faktor wat 'n belangrike invloed op die kind uitoefen (Okagaki & Divecha, 1993:41).

Die waarde-oriëntasie van die ouer en dit wat hy as belangrik ag en as doelwit nastreef by die opvoeding van sy kind, het derhalwe 'n belangrike invloed op verskeie aspekte van die gesinsopvoeding. Vervolgens sal gepoog word om die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en enkele

fasette van gesinsopvoeding, spesifiek ten aansien van die voorskoolse kind, in meer besonderheid te bespreek.

## 3.3 WAARDE-ORIËNTASIE EN DIE GESINSOPVOEDING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

### 3.3.1 Waarde-oriëntasie en ouerlike opvoedingstyl

Hamachek (1987:208) onderskei tussen vier faktore wat, benewens ander faktore, die opvoedingsgedrag en houding van 'n ouer bepaal, naamlik die ouer se persoonlike ervaring met sy eie ouers, die ouer se persoonlikheid, die kind se persoonlikheid en die ouer se sosio-ekonomiese posisie in die samelewing. Soos reeds beklemtoon, het die sosio-ekonomiese status van ouers 'n besliste invloed op die dissiplineringspraktyke (opvoedingsgedrag) wat deur hulle verwerklik word. Die dissiplineringspraktyke hou weer verband met die waardes wat deur die gesin en meer spesifiek die ouers, as belangrik geag en deur hulle nagestreef word in hulle persoonlike gedrag, maar ook in die opvoeding van hulle kinders (Rosa, 1994:94).

Gerris *et al* (1997:838) verwys na die uitspraak van Baumrind (1971) dat ouers se opvoedingsgedrag gekonseptualiseer kan word in terme van drie belangrike dimensies, te wete ondersteuning *("support")*, beperkende beheer *("restrictive control")* en voorskriftelike of eisestellende (demokratiese) beheer *("demanding or authoritative control")*.

Besliste verskille is waarneembaar ten aansien van opvoedingspraktyke (tipiese opvoedingstyle) en die tipes verhoudinge tussen ouers en hulle kinders in die onderskeie sosio-ekonomiese groeperinge. Gesinsopvoeding geskied binne 'n bepaalde sosiale konteks en bepaalde ouerlike gedrag en houdings kan geassosieer word met spesifieke sosio-ekonomiese groeperinge. Kinders uit

verskillende sosio-ekonomiese klasse word dus blootgestel aan andersoortige waardes, houdings en ouerlike opvoedingsgedragspatrone (opvoedingstyle).

Waar opvoedingstyle in die middel sosio-ekonomiese klasse meestal gekenmerk word deur ouer-kind-verhoudinge wat aanvaardend en gelykwaardig is, is dit in die laer klasse gewoonlik meer gerig op die handhawing van orde en gehoorsaamheid. Hoër sosio-ekonomiese groeperinge word beskryf as meer demokraties, terwyl laer sosio-ekonomiese klasse as meer outoritêr beskou word. Ouers uit laasgenoemde groeperinge plaas meer beperkinge op hulle kinders en is gewoonlik meer kontrolerend en bestraffend as ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Dissiplineringspraktyke word gekenmerk deur 'n rigiede en dwangmatige wyse van bestraffing, wat gepaard gaan met lyfstraf, dreigemente en verkleinering. Ouers straf ook dikwels die direkte gevolge van 'n daad, eerder as die onderliggende motief. In teenstelling met hoër sosio-ekonomiese gesinne wat as kind-georiënteerd beskou kan word, word gesinne uit laer sosio-ekonomiese groeperinge as ouer-georiënteerd getipeer. Kenmerkend van laasgenoemde groeperinge is streng reëls wat deur ouers alleen gemaak word, waar absolute gehoorsaamheid deur die kinders vereis word en waar hulle gestraf word indien hulle ongehoorsaam is. Binne dié milieu word die erkenning van ouerlike gesag derhalwe meer belangrik geag as die persoonlike ontwikkeling van die kind (Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:174; Rosa, 1994:94; Hamachek, 1987:216-217; Wielemans, 1984:89).

Gerris *et al* (1997:834) sluit hierby aan in hulle beskrywing van die opvoedingsgedrag van milieu-benadeelde ouers as meer kontrolerend en minder ondersteunend as dié van ouers uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge. Dié outeurs verklaar die verskil tussen tipiese opvoedingsgedragspatrone (opvoedingstyle) van verskillende sosio-ekonomiese klasse soos volg:

> *"These differences in childrearing behaviors are explained by differences in value orientations."*

Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:174) bevestig hierdie beskouing in hulle verklaring van die algemene siening dat milieu-benadeelde gesinne meer outoritêr is in die opvoeding van hulle kinders. Volgens hierdie skrywers is die groot mate van beperking wat milieu-benadeelde ouers plaas en hul beklemtoning van absolute gehoorsaamheid in ooreenstemming met die hoë waarde wat hulle op konformiteit plaas, wat volgens Kohn (1977:34-35 & 86-87) uit hulle lewensomstandighede voortspruit. Hierbenewens is hierdie ouers dikwels streng ten opsigte van die afdwing van beperkinge ter wille van die beskerming van hulle kinders teen gevare in die omgewing.

Weens die feit dat milieu-benadeelde ouers konformiteit aan ekstern-opgelegde reëls as waardevol beskou en in die opvoeding van hulle kinders nastreef, word dikwels op beperkinge gefokus. Hierbenewens word die primêre verantwoordelikheid van die vader binne hierdie sosio-ekonomiese groeperinge as die begeleiding en rigtinggewing van die kinders beskou. Met betrekking tot sy rol in die opvoeding van sy seun spesifiek, word byvoorbeeld verwag dat die milieu-benadeelde vader 'n belangrike rol sal vervul in die stel van beperkinge, maar terselfdertyd sal verseker dat die seun hierdie beperkinge as riglyne vir sy gedrag beleef. Die hoofdoel hiervan is om die boodskap aan die kind oor te dra dat daar voortdurend bepaalde beperkinge geld en om hom te begelei om nie hierdie beperkinge te oorskry nie, maar om daaraan gehoorsaam te wees (Kohn, 1977:123). Hierdie gedagtegang is noodgedwonge gebaseer op die hoë waarde wat die milieu-benadeelde ouer aan konformiteit en gehoorsaamheid aan reëls heg.

Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge streef derhalwe nie slegs in hulle persoonlike lewens nie, maar ook in die opvoeding van hulle kinders, waardes soos konformiteit en gehoorsaamheid na. Verskeie outeurs beklemtoon die navorsingsbevindinge en uitsprake van Kohn (1977), waarvolgens ouers se waardes en doelwitte met die opvoeding van hulle kinders deur hulle lewensomstandighede en veral hulle werksomstandighede en die eise wat dit

aan hulle stel, beïnvloed word. Op grond hiervan verskil die wyse waarop ouers outoriteit toepas. Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge verwys meer dikwels na situasie-spesifieke gevolge van 'n kind se gedrag, eerder as om, tydens dissiplinering, op die kind se intensies en selfbeheer te fokus, soos wat tipies is van ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Milieu-benadeelde ouers beklemtoon deurgaans konformiteit as waarde, nie slegs ten aansien van reëls, regulasies en norme nie maar ook met betrekking tot die sosiale verwagtinge van hulle omgewing. In dié proses word geen voorsiening gemaak vir gedrag op grond van geïnternaliseerde norme en beginsels nie, aangesien dit nie as waarde nagestreef en in die opvoeding van die kinders beklemtoon word nie (Gerris *et al*, 1997:834-835 & 842; Rosa, 1994:94; Kohn, 1977:46 & 104).

Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge definieer persoonlike verhoudinge in terme van mag. Die beperkte mate van insette wat milieu-benadeelde ouers toegelaat word om te lewer tydens besluitneming by die werk, asook die feit dat hulle selde toegelaat word om inisiatief te neem, word gereflekteer in hulle opvoedingsgedrag, meer spesifiek die opvoedingstyl wat hulle verwerklik. Gevolglik manifesteer hulle oriëntasie met betrekking tot mag dan tydens die dissiplinering van hulle kinders in die vorm van direkte eise, dreigemente, deprivasie en dwangmatige strafmaatreëls (Mussen, 1979:66).

Benewens die belangwekkende navorsing deur Kohn, verwys Gerris *et al* (1997:835), asook Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:178) na navorsing deur Luster, Rhoades en Haas (1989), wat bevestig dat ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge konformiteit by hulle kinders as waardevol ag en nastreef. Hierbenewens bevind hulle dat die hoë waarde wat milieu-benadeelde moeders aan konformiteit by hulle kinders heg, in verband staan met hulle oortuiging dat opvoedingspraktyke waardeur kinders bederf kan word, vermy moet word, hulle oortuiging ten aansien van die toepassing van streng dissiplinêre metodes, asook hulle oortuiging rondom die beperking van eksplorerende gedrag deur hulle kinders. Dit hou verder verband met die mate van liefde wat deur die

moeder betoon word, waar bevind is dat moeders wat oortuig is daarvan dat hulle kinders nie bederf behoort te word nie minder warmte en ondersteuning aan hulle kinders bied, veral as babas.

Uit hierdie navorsing word die afleiding gemaak dat daar 'n verband bestaan tussen ouers se sosio-ekonomiese status, hulle waardes, oortuigings ten aansien van die opvoeding van hulle kinders en hulle opvoedingsgedrag (opvoedingstyl). Moeders se interaksie met hulle babas hou byvoorbeeld verband met hulle oortuigings en waardes, waar moeders in hoër sosio-ekonomiese groeperinge hulle babas gewoonlik beskou as individue met wie kommunikasie moontlik en noodsaaklik is, terwyl moeders uit laer sosio-ekonomiese klasse van die oortuiging is dat hulle moet wag totdat hulle babas bevoeg is tot gesprekvoering alvorens hulle met hulle gesels. Op dieselfde wyse hou die mate van gesprekvoering wat die moeder met haar kind uitlok, verband met die waarde wat sy daaraan heg dat haar kind oor verbale vaardighede beskik en geletterdheid bekom. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse heg gewoonlik nie 'n hoë waarde hieraan nie (Gerris *et al*, 1997:835; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:178).

Dit blyk dus dat milieu-benadeelde ouers meestal 'n beperkende en outoritêre opvoedingstyl verwerklik. Op eie bodem is outoritêre gesag en 'n outoritêre opvoedingstyl veral kenmerkend van die Afrika-kulture, die lede waarvan hoofsaaklik tot die milieu-benadeelde groeperinge in die land behoort. Binne dié kulture word onaanvegbare respek en agting vir ouer persone en persone in senioriteitsposisies vereis, wat daartoe aanleiding gee dat die individu dikwels gedwing word om teen sy wil op te tree en derhalwe gedemp word ten aansien van die uitleef van sy eie wil en selfstandige besluitnemingsvermoë (Roux, 1995:25).

'n Studie deur Cherian (1990:98) fokus op die verband tussen lyfstraf en akademiese prestasie by kinders in die Transkei. Volgens die resultate is ouers

uit laer sosio-ekonomiese klasse (milieu-benadeelde ouers) meer dikwels geneig om te tugtig en lyfstraf toe te dien op hulle kinders, in teenstelling met die benadering by hoër sosio-ekonomiese groeperinge om met die kinders te redeneer, hulle te isoleer of van liefdes-georiënteerde dissiplineringspraktyke gebruik te maak. Milieu-benadeelde ouers steun derhalwe meer dikwels op eksterne beheermaatreëls.

Naude en Bodibe (1990:144) bevestig hierdie bevindinge en meld dat ouers in swart kulture hoofsaaklik 'n outoritêre opvoedingsgedragspatroon handhaaf. In dié verband die volgende uitspraak:

> *"... black pupils agreeing to something that they know they are not going to do. In a culture that is authoritarian, it would be a risky venture to be overtly assertive!"*

In sy uitsprake oor die opvoeding van kinders in swart kulture wys ook Mwamwenda (1995:373-413) op gedragspatrone wat kenmerkend is van die outoritêre opvoedingstyl. Hy verklaar byvoorbeeld onomwonde dat ouers in swart kulture van hulle kinders verwag om onderdanig en konformerend te wees en hulle samewerking onder alle omstandighede te gee. Die volgende aanhalings word ter stawing in dié verband aangebied:

- *"...the initiates are admonished to work hard, obey the instructions of their elders, and be helpful to their parents"* (Mwamwenda, 1995:411).

- *"They still require their children to be obedient, conforming and co-operative"* (Mwamwenda, 1995:375).

- *"... they learn principles such as morality, justice, humility, obedience, prudence, endurance, and wisdom"* (Mwamwenda, 1995:390).

- *"... a parent can never be wrong, and that even if he or she is wrong, the child is expected to obey"* (Mwamwenda, 1995:412).

- *"A child is expected to obey his parent's instructions unquestioningly, and is not expected to answer back when he is reprimanded"* (Uitspraak ten aansien van die Shana-ouer) (Mwamwenda, 1995:394).

Hamachek (1987:228) beskryf eweneens die outoritêre opvoedingstyl, wat kenmerkend is van milieu-benadeelde gesinne, as opvoedingsgedrag waar ouers dit belangrik ag om hulle kinders se gedrag te vorm, te kontroleer en te evalueer in terme van bepaalde gedragstandaarde, wat gewoonlik rigied en deur 'n hoër outoriteit geformuleer word. Ouers handhaaf 'n rigiede standaard ten aansien van gedrag en gebruik dwangmatige en kragdadige metodes van dissiplinering. Hulle beskou absolute gehoorsaamheid as belangrik en voed hulle kinders op om te alle tye respek te toon vir outoriteit of gesag, vir werk en ter wille van die voortbestaan van tradisie en orde. Hierdie ouers is van mening dat hulle opinie in alle omstandighede die beste opinie is.

Pretorius (1994a:58) beskryf die posisionele (outoritêre) opvoedingstyl as "posisie-gerig", waar die gesagsposisie van die ouer en die afhanklikheidsposisie van die kind telkens beklemtoon word. Gesag is op mag gebaseer en die opvoedingstyl is derhalwe in wese gerig op gedragskontrole van die kind deur die ouer. Onbuigsame reëls word neergelê, wat gehoorsaam moet word. Aangesien die ouer die reëls maak en die besluite neem, word die kind se behoeftes, wense en voorkeure selde in ag geneem. Dié opvoedingstyl word verder gekenmerk deur min kommunikasie tussen ouer en kind en wanneer die ouer wel met die kind kommunikeer, is die kommunikasie gewoonlik negatief, outokraties, onbuigsaam, ontkennend, eensydig en begriploos. Hierbenewens maak die ouer dikwels van kragdadige, bestraffende maatreëls gebruik om die kind te dissiplineer en word die aspekte van kontrole en eisestelling oorbeklemtoon, ten koste van die aspekte van kommunikasie en koestering.

Benewens 'n outoritêre opvoedingstyl verwerklik milieu-benadeelde ouers dikwels 'n onverskillige opvoedingstyl. Soos reeds gemeld, bestaan daar 'n verband tussen ekonomiese nood by 'n gesin (die milieu-benadeelde gesin) en die onverskillige opvoedingstyl van die ouers. Ouers wat aan ekonomiese druk blootgestel word, is meer geneig om depressief te raak, wat huwelikskonflik intensiveer en beperkend inwerk op die ouers se vermoë om betrokke en ondersteunend te wees ten aansien van hulle kinders. Die ouer verwerklik 'n onverskillige opvoedingstyl en bly in gebreke ten opsigte van vervulling van die kind se behoefte aan koestering. Dit bevestig verder die aanname dat ekonomiese nood 'n bydraende faktor is tot die relatief afsydige en outoritêre opvoedingstyl wat dikwels deur ouers in milieu-benadeelde gemeenskappe verwerklik word (Shaffer, 1996:613).

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat die milieu-benadeelde ouer dikwels 'n outoritêre of onverskillige opvoedingstyl verwerklik. Hierbenewens en op grond van die gebrekkige warmte en koestering wat dikwels teenoor die kind geopenbaar word, is daar 'n sterk waarskynlikheid dat die milieu-benadeelde ouer soms ook 'n koue opvoedingstyl verwerklik. De Witt en Booysen (1995:33-34) identifiseer en beskryf die volgende opvoedingstyle as veral kenmerkend van die milieu-benadeelde gesin:

- **Outoritêre opvoedingstyl:** Soos reeds herhaaldelik beklemtoon, besluit die ouer by dié opvoedingstyl wat reg en verkeerd is en is hy baie rigied hieroor. Die ouer verwag altyd absolute gehoorsaamheid van die kind, wat nie toegelaat word om enigiets te bevraagteken nie. Die ouer maak gebruik van teregwysing, dreigemente en straf indien die kind wel oortree en neem bykans alle besluite sonder om die kind se mening in ag te neem.

- **Permissiewe ouer:** Hier word die kind in 'n groot mate toegelaat om te doen wat hy wil, is hy "vry" en word hy selde gestraf. Bykans geen grense word

gestel nie en die ouer keur so te sê alles goed wat die kind doen. Die kind neem ook gewoonlik die meeste besluite self.

- **Afwesige ouer:** By dié opvoedingstyl bied die ouer min ondersteuning en liefde aan die kind, poog hy nie om enige beheer oor die kind se gedrag uit te oefen nie en is hy meestal afwesig in die kind se lewe.

Dit blyk dat die opvoedingstyl wat 'n ouer verwerklik verband hou met die mate van interaksie tussen hom en sy kind. Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:175-178) verwys na navorsingsresultate met betrekking tot moeder-kind-interaksies in uiteenlopende sosio-ekonomiese groeperinge. Betekenisvolle bevindinge wat uit navorsingsprojekte blyk, sluit die volgende in:

- Moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge is meer kontrolerend, beperkend en ongelukkig in hulle interaksie met hulle kinders as moeders uit hoë sosio-ekonomiese klasse. Hulle beperk kinders ten aansien van outonomie, is minder gelykwaardig, minder samewerkend, meer dwangmatig en meer opdringerig. In vergelyking met moeders uit hoër sosio-ekonomiese klasse gee hulle minder positiewe terugvoer aan hulle kinders, is hulle meer korrigerend en gee hulle meer en duidelike instruksies wanneer hulle kinders besig is met taakuitvoering. Hulle is ook meer krities teenoor hulle kinders. Moeders uit laer sosio-ekonomiese klasse se gesprekvoering met hulle kinders beperk laasgenoemde dikwels in hulle aktiwiteite.

- Daar is meer sosio-ekonomies-geassosieerde verskille ten opsigte van taal as ten opsigte van nie-verbale kommunikasie. Geletterde moeders (gewoonlik hoër sosio-ekonomiese klasse) spandeer meer tyd aan gesprekvoering met hulle kinders en minder tyd aan die blote observasie of ignorering van hulle kinders, in vergelyking met minder geletterde moeders (dikwels milieu-benadeeld). Hierbenewens dui navorsing daarop dat ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge minder dikwels interaksie met hulle

kinders verwerklik as ouers uit hoër sosio-ekonomiese klasse, op beide verbale en nie-verbale vlak.

- Die aard van die sosio-ekonomies-geassosieerde taalverskille is daarin geleë dat moeders uit hoër klasse meer dikwels met hulle kinders praat, meer dikwels objekte benoem, onderwerpe vir gesprekvoering langer in stand hou en meer dikwels gesprekvoering met hulle kinders uitlok as moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge. Die verskil lê nie slegs in hoe gereeld moeders met hulle kinders praat nie, maar ook in die inhoud van en doel met gesprekvoering. Moeders uit laer klasse verskaf minder inligting aan hulle kinders voordat hulle met 'n taak begin as moeders uit hoër klasse. Hierbenewens vra hulle hul kinders minder vrae en lok minder woorde van hulle kinders uit tydens 'n gesamentlike lees-poging. Sosio-ekonomies-geassosieerde verskille is meer opvallend by voorskoolse en ouer kinders as by babas, aangesien die stryd van outoriteit en beheer dan meer sentraal raak in ouer-kind-interaksie, asook weens die feit dat taal as wyse van interaksie dan 'n meer sentrale plek inneem.

Gesien teen die lig van voorafgaande bespreking kan met redelike sekerheid verklaar word dat die opvoedingstyl wat ouers verwerklik direk in verband staan met hulle waarde-oriëntasie. Milieu-benadeelde ouers is gewoonlik beperkend in hulle opvoedingsgedrag, hoofsaaklik weens die hoë waarde wat hulle aan konformiteit en gehoorsaamheid aan reëls heg. Hierbenewens betoon hulle dikwels 'n gebrekkige mate van begrip, ondersteuning en liefde aan hulle kinders.

Alhoewel milieu-benadeelde ouers hoofsaaklik 'n dominante of outokratiese, intolerante opvoedingstyl verwerklik (wat óf met warmte óf met koudheid gepaard gaan), is die onverskillige, permissiewe (toegeeflike) en koue opvoedingstyle ook kenmerkend van hierdie groeperinge. Hier is derhalwe sprake van 'n sterk mate van opvoedingsverwaarlosing, soos duidelik uit die literatuur blyk. Volgens

Figuur 1.2 sal 'n ouer wat die outoritêre opvoedingstyl in kombinasie met die warm opvoedingstyl verwerklik, oorbeskermend wees teenoor sy kinders en derhalwe die betrokke opvoedingstyl verwerklik. Alhoewel milieu-benadeelde ouers gewoonlik geneig is om té min warmte en liefde aan hulle kinders te betoon, kan die moontlikheid van warm, dominante ouers, dit wil sê die betrokke opvoedingstyl, nie uitgesluit word nie.

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word die volgende opvoedingstyle (kyk Figuur 1.2), wat verband hou met die waarde-oriëntasie van die ouer, dus as kenmerkende opvoedingstyle van die milieu-benadeelde ouer geneem:

- dominante opvoeding
- intolerante, outokratiese opvoeding
- onverskillige opvoeding
- koue opvoeding
- toegeeflike opvoeding
- betrokke opvoeding.

### 3.3.2 Waarde-oriëntasie en opvoedingsinhoude

Weens die psigo-sosiale omstandighede waarin milieu-benadeelde ouers hulself bevind, is hulle meer blootgestel aan en vatbaar vir veranderinge in die ekonomiese toestand van hulle omgewing. Dit resulteer in hoë eise, spanning en gevoelens van ontoereikendheid met betrekking tot persoonlike beheer oor hulle lewens. 'n Uitkoms hiervan is dat milieu-benadeelde ouers in die opvoeding van hulle kinders geneig is om gevoelens van hulpeloosheid, 'n lae selfkonsep en gefrustreerdheid te reflekteer, wat uiteindelik deur die kinders aangeneem word as hulle eie gevoelens deur middel van identifikasie met hulle ouers (Hamachek, 1987:217).

Soos reeds gemeld, hou 'n moontlike verklaring van die verband tussen ekonomiese faktore en ouerlike opvoedingstyl verband met die werksomstandighede van veral die vader en die vaardighede wat ouers (die vader) as noodsaaklik beskou in hulle beroepe. Binne die werksomstandighede en wyer lewensomstandighede van die milieu-benadeelde gesin word 'n ekstern-georiënteerde ingesteldheid ten aansien van die sosiale werklikheid bevorder, asook 'n sterk waardering vir konformiteit. Die grootste gedeelte van die milieu-benadeelde bevolking beklee sogenaamde blouboordjieberoepe, waar hulle bloot eenvoudige voorgeskrewe roetinetake uitvoer, voortdurend die toesighouer tevrede moet stel en sy outoriteit moet eerbiedig. Om dié rede word konformiteit, gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir outoriteit, belangstelling in ekstrinsieke kwaliteite van die werk, geringe vertroue in die medemens, 'n rigiede, star houding ten aansien van dit wat as afwykend beskou word, netheid en om uit die moeilikheid te bly deur milieu-benadeelde ouers beklemtoon in die opvoeding van hulle kinders. Op dié wyse verteenwoordig die opvoedingsinhoude wat hulle aan hul kinders voorhou die eienskappe wat hullle as krities beskou om sukses te kan behaal in 'n blouboordjie-werksomgewing. Weens die feit dat ouers hulle kinders opvoed ooreenkomstig hulle persoonlike wêreldbeskouing en dit wat hulle self as belangrik beskou, benadruk hulle derhalwe konformistiese waardes tydens die opvoeding van hulle kinders (Shaffer, 1996:613; Van der Velden, 1994:83; Shaffer, 1993:582).

Kohn (1977:22) bevind egter dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge 'n onderskeid tref tussen dit wat hulle vir hul seuns van waarde beskou en dit wat hulle vir hul dogters van waarde ag. By seuns word aspekte soos betroubaarheid, skolastiese prestasie en ambisie as belangrik geag, terwyl geluk, netheid, skoonheid en goeie maniere as belangrike waardes by dogters beskou word en deel vorm van die opvoedingsinhoude tydens opvoeding van die kind. Indien die kind nie hierdie waardes verwerklik nie, word hy deur die moeder gestraf.

Volgens Shaffer (1993:597) het gevoelens van magteloosheid en onsekerheid, wat so dikwels deur milieu-benadeelde ouers ervaar word weens hulle armoede en gebrekkige finansiële middele, 'n bepalende invloed op die verwagtinge wat hulle van hul kinders koester. In teenstelling met ouers met 'n hoër sosio-ekonomiese status, is hulle byvoorbeeld minder geneig om die belangrikheid van verdere opleiding of die strewe na 'n beroep met 'n hoë status te beklemtoon. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse (milieu-benadeelde ouers) is eerder geneig om hulle kinders aan te moedig en voor te berei vir 'n vaste werk, ongeag die prestige-waarde daarvan. Kinders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge word derhalwe aangemoedig om skolasties bloot te slaag, eerder as om vooruit te gaan en te presteer, soos wat die geval is by kinders uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge.

Op eie bodem kan tradisionele swart kulture (dikwels milieu-benadeeld) genoem word as voorbeeld, waar sodanige kulture se sosiale struktuur gewoonlik 'n kollektiwistiese aard toon, weens die klem wat lede op gesamentlike deelname aan aktiwiteite plaas. In plaas van 'n individualistiese ingesteldheid met 'n persoonlike strewe na selfverwesenliking, huldig swartmense gewoonlik 'n sogenaamde “ubuntu”-siening, waarvolgens hulle hulself nie los van die groep kan voorstel nie, hulself ondergeskik stel aan die behoeftes en wil van die groep en bereid is om op te offer vir en namens die groep. “Ubuntu” dui in wese op medemenslikheid en is gebaseer op waardes soos kollektiwisme, respek vir ouderdom en senioriteit, 'n uitgebreide familiesisteem en 'n eksterne lokus van beheer (Roux, 1995:16-17; Smith, 1994:21-22). Aangesien die kind opgevoed en begelei moet word sodat hy homself toereikend binne sy groepering kan handhaaf, word hierdie waardes en aspekte as opvoedingsinhoude verwerklik.

Uit die voorafgaande bespreking kan dit met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat daar 'n besliste verband bestaan tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en dit wat as opvoedingsinhoude voorgehou word. Die milieu-benadeelde ouer bevind hom voortdurend in 'n omgewing waar

gehoorsaamheid aan hoër gesag, die nakom van reëls en konformiteit ten aansien van algemeen aanvaarbare gedrag vooropstaan. Op grond hiervan kan verwag word dat die milieu-benadeelde ouer waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid, respek vir outoriteit en afhanklikheid in die opvoeding van sy kind sal beklemtoon en dat hierdie waardes dan die opvoedingsinhoude bepaal en deel uitmaak van die inhoude wat tydens opvoeding voorgehou word.

### 3.3.3 Waarde-oriëntasie en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind

Alvorens die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind, in terme van kenmerkende opvoedingstyle, bespreek word, is dit gepas om eers enkele aspekte van ontwikkeling waarna verwys sal word, kortliks te omskryf.

#### 3.3.3.1 Aspekte verbandhoudend met kinderlike ontwikkeling

##### *3.3.3.1.1 Die begrip selfkonsep*

Le Roux (1992:15) omskryf die begrip **selfkonsep** soos volg:

> *"Die komplekse totaliteit van beskouinge van, sowel as gevoelens oor al die selfdimensies. Dit sluit sosiaal verworwe kennis, beskouinge en houdinge ten opsigte van die self in, sowel as die evaluasie daarvan in terme van subjektiewe standaarde".*

**Selfkonsep** verwys dus na die individu se siening en evaluasie van homself en die waarde wat hy aan homself heg. Dit sluit kognitiewe, affektiewe en evaluatiewe aspekte in en verwys na die beoordeling van die self in terme van byvoorbeeld voorkoms, eienskappe, talente, ideale en sosiale interaksies en

verhoudinge. 'n Individu se selfkonsep verteenwoordig derhalwe sy bewuste ervaring aangaande homself (Moore, 1997:490-491; Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1993:318).

Die kind se selfkonsepvorming word hoofsaaklik beïnvloed deur die primêre opvoedingsituasie waarin hy hom bevind. Die ouers en ander gesinslede oefen die belangrikste invloed uit op die selfkonsepvorming van die kind in die beginjare, terwyl betekenisvolle ander later 'n belangrike invloed uitoefen, byvoorbeeld onderwysers, vriende en ander kinders by die skool. Tot ongeveer die ouderdom van sewe jaar het die kind 'n globale siening oor homself, wat impliseer dat hy aanvaar dat hy goed is op alle terreine indien hy oor 'n positiewe selfkonsep beskik. Mettertyd word die selfbeskouing egter meer gedifferensieerd en word veelvoudige konsepte van die self gevorm (Moore, 1997:500; Woolfolk, 1995:74-75).

Gecas en Schwalbe (1986:37) vat die belangrike invloed van die gesin op die kind se selfkonsepvorming raak saam in die volgende woorde:

> *"... the family is generally considered an important context for the development of a child's self-concept. It is the place where our initial sense of self is formed through intimate, intensive and extensive interaction with parents and other family members."*

Ook Pretorius (1998b:161) beklemtoon die feit dat die kleuter sy selfkonsep grootliks deur middel van kommunikasie met ander (hoofsaaklik die nabye gesinslede) vorm. Die jong kind weet reeds op ongeveer vyfjarige ouderdom, op grond van vorige kommunikasie-ervaringe (praat en luister), hoe ander hom beskou en wat hy van ander kan verwag. Wanneer hy die skoolsituasie betree (aan die einde van die voorskoolse kinderjare), beskik hy reeds oor 'n bepaalde opvatting ten aansien van homself en sy eie vermoëns, asook 'n predisposisie met betrekking tot prestasie of onderprestasie. Op dié wyse vorm die kind op 'n

vroeë ouderdom reeds 'n beeld ten opsigte van sy waarde as individu en sy vermoë om aan die eise van die omgewing te voldoen. Die kind is as't ware die "sosiale produk" van die betekenisvolle ander in sy lewe en alles wat hy aanpak of doen word deur hierdie selfkonsep, wat reeds gedurende die voorskoolse kinderjare vasgelê word, beïnvloed.

Hierbenewens word die kleuter se selfkonsep, alhoewel dit sy emansipasie en die verwerwing van 'n waaghouding bepaal, weer positief of negatief beïnvloed deur sy emansipasie. Op dié wyse het die voorskoolse kind se selfaktualisering en sy selfkonsep 'n wederkerige invloed op mekaar, aangesien selfkonsep die kwaliteit van selfaktualisering bepaal, maar aan die ander kant beïnvloed word deur die mate waarin die kind sy moontlikhede verwerklik (Pretorius, 1998a:27; Pretorius, 1998b:21). Binne die milieu-benadeelde gesinsituasie, waar die voorskoolse kind nie toereikend aangemoedig word tot emansipasie en selfaktualisering nie, word die vorming van 'n positiewe selfkonsep by die kind sodoende belemmer.

#### *3.3.3.1.2 Die begrippe persoonlikheid en persoonlikheidseienskap*

Le Roux (1992:13) definieer die begrip **persoonlikheid** as *"die geïntegreerde en dinamiese totaliteitstruktuur van 'n persoon se karaktertrekke, houdinge, onderskeidende gedragspatrone en kwaliteite wat deur interaksie met sy totale omgewing verwerklik word."*

Plug *et al* (1993:274) sluit hierby aan en beskryf **persoonlikheid** as die unieke patroon van 'n individu se psigiese eienskappe op 'n bepaalde tydstip, wat sy gedrag, byvoorbeeld gevoelens, motiewe en vermoëns in 'n mate voorspelbaar maak.

**Persoonlikheid** dui dus op die unieke patroon van eienskappe van 'n individu op 'n bepaalde tydstip in sy lewe en verwys na die geïntegreerde organisasie van al


sy psigiese eienskappe, wat in wisselwerking met sy omgewing en ander persone tot uiting kom en sy gedrag in 'n mate voorspelbaar maak. Jacobs (1995:63) wys in hierdie verband daarop dat, gesien in die lig daarvan dat die mens as totaliteit funksioneer, die ontwikkeling van waardes onlosmaaklik deel vorm van die kern van die persoonlikheid - die sogenaamde **self**.

Die begrip **persoonlikheidseienskap** kan omskryf word as *"'n psigiese disposisie, kwaliteit of trek, wat dui op die moontlikheid en waarskynlikheid dat die individu hom in bepaalde situasies op bepaalde wyses sal gedra. Daar word onderskei tussen oorgeërfde en verworwe persoonlikheidseienskappe"* (Le Roux, 1992:13).

Weiten (1992:424) sluit hierby aan en definieer **persoonlikheidseienskap** as *"a durable disposition to behave in a particular way in a variety of situations."* Ook Angenent (1990:93) omskryf die begrip **persoonlikheidseienskap** as 'n gedragsdisposisie, wat die moontlikheid en waarskynlikheid dat bepaalde gedraginge in bepaalde situasies sal voorkom, impliseer.

Alhoewel verskeie persoonlikheidsmodelle in die literatuur verskaf word ten einde 'n onderskeid te tref tussen verskillende persoonlikheidseienskappe, word die persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:98) (kyk Figuur 3.3) gebruik vir doeleindes van die onderhawige studie. Hiervolgens vorm die dimensies **ekstroversie** en **emosionaliteit** die primêre asse van die model, met die teenoorgestelde persoonlikheidstipes daarvan as pole. Ekstroversie-introversie word op die horisontale vlak geplaas en emosionaliteit-stabiliteit op die vertikale as. Hierbenewens word twee sekondêre asse op dieselfde wyse onderskei, naamlik die asse impulsiwiteit-intellektuele kontrole en sosiaal-nie-sosiaal. Volgens dié model word die begrippe ekstroversie en emosionaliteit dus as die twee basisbegrippe van persoonlikheid beskou. Op die onderskeie asse tree die meeste mense as gemiddeld na vore, eerder as ekstreem.

**FIGUUR 3.3** : Die dimensioneel-sirkelvormige persoonlikheids-model van Angenent (Angenent, 1990:98)




Die agt persoonlikheidseienskappe, soos geïdentifiseer deur Angenent, word soos volg deur Pretorius (1998b:36) gedefinieer:

- **Ekstroversie:** Gesellig-vriendelik, sosiaal lewendig en aktief, op die sosiale omgewing gerig en die geneigheid tot impulsiwiteit
- **Introversie:** Na binne gerigte persoonlikheids-oriëntasie, teruggetrokke en beheers
- **Emosionaliteit:** Onstabiel, veranderlike stemming en die geneigdheid om vinnig ontsteld te raak
- **Stabiliteit:** Stabiele gevoelslewe en 'n gelykmatige stemming
- **Sosiaal:** Sosiaal goed aangepas, sosiaal vaardig en prososiaal georiënteer
- **Nie-sosiaal:** Nie sosiaal goed aangepas nie, nie sosiaal vaardig nie en asosiaal georiënteer


- **Impulsiwiteit:** Min selfbeheer en die geneigdheid tot ondeurdagte en ongekontroleerde gedrag
- **Intellektuele kontrole:** Selfbeheers en verstandelike beheer oor gedrag.

#### *3.3.3.1.3 Die begrip persoonlikheidspatroon*

Die begrip **persoonlikheidspatroon** verwys na die vorm, struktuur of konfigurasie van die persoonlikheid van 'n individu. Dit veronderstel verskillende psigofisiese sisteme, wat dan uiteindelik die individu se persoonlikheid vorm. 'n Persoonlikheidspatroon bestaan uit twee hoofkomponente, te wete die sentrale kern (selfkonsep) en die persoonlikheidseienskappe, wat verband hou met die kern en daardeur beïnvloed word (Pretorius, 1998b:37; Coetzee, 1993:90; Hurlock, 1978:525).

Na aanleiding van Hurlock (1978) se beskrywing van die begrip **persoonlikheidspatroon** in terme van 'n sentrale kern en persoonlikheidseienskappe as die "speke van 'n wiel" verskaf Pretorius (1998b:38) 'n skematiese voorstelling van 'n moontlike persoonlikheidspatroon van die lewensvaardige persoon. Raadpleeg Figuur 3.4 in dié verband. Volgens dié voorstelling vorm 'n positiewe selfkonsep die sentrale persoonlikheidseienskap en kern van die lewensvaardige persoon. Die persoonlikheidseienskappe wat rondom die selfkonsep gerangskik is, beïnvloed die selfkonsep maar word op hulle beurt weer deur die selfkonsep beïnvloed.

**FIGUUR 3.4** : Moontlike persoonlikheidspatroon van die lewens-vaardige persoon (Pretorius, 1998b:38)




### *3.3.3.1.4 Kinderlike belewing en kinderlike gedrag*

Die opvoedingsgedragspatroon wat deur die ouer verwerklik word, word op 'n bepaalde wyse deur die kind beleef. Hierbenewens oefen die opvoedingsgedrag van die ouer 'n betekenisvolle invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, wat weer sy gedrag en sosiale aanpassing in 'n verskeidenheid situasies bepaal (Pretorius, 1998b:33).

Ferreira (1994:46) omskryf die begrip **belewe** as *"'n **handeling** waardeur iets **deurleef** word."* Ten aansien van die begrip **belewing** maak Ferreira (1994:46) verder die volgende uitspraak:

> *"Belewing ... dui dan op 'n **ondervinding (toestand)** wat berus op 'n ervaring wat "vergeestelik" is of **bewaar** word."*

**Kinderlike gedrag**, daarenteen, dui op die spesifieke respons of handeling van 'n persoon, met ander woorde dit wat uiterlik waarneembaar is. Dit word

medebepaal deur die kennis en vaardighede waaroor die individu (kind) beskik en verteenwoordig as't ware 'n konkretisering van die individu se ervaringe, belewinge, wil en kennis. Dit hou sterk verband met die normatiewe en dit wat as behoorlik of onbehoorlik, goed of sleg beskou word. Gedrag impliseer die aanvaarding van verantwoordelikheid vir keuses wat deur die individu gemaak word (Van Rensburg *et al*, 1994:30; Plug *et al*, 1993:112).

Ontoereikende opvoedingsgedrag deur die ouer predisponeer die kind dikwels tot gedragsprobleme, aangesien hy uiting gee aan sy versteurde psigiese lewe in die vorm van versteurde, ongewenste of problematiese gedrag. Op dié wyse is die gedragsprobleme van die kind 'n aanduiding daarvan dat sy psigiese lewe versteur is (Pienaar, 1997:47).

Na aanleiding van die werk van Coetzee (1993:114; 119; 126; 143; 147 & 152) vat Pienaar (1997:48 & 51) **kinderlike belewinge** en **kinderlike gedrag** as uitkoms van ontoereikende opvoedingsgedragspatrone in tabelvorm saam. Raadpleeg Tabelle 3.1 en 3.2 in dié verband.

Aangesien die milieu-benadeelde gesinsituasie gekenmerk word deur die verwerkliking van hierdie ongunstige opvoedingstyle kan dié samevatting van kinderlike belewinge en kinderlike gedrag as uitkoms van ontoereikende opvoedingsgedragspatrone van toepassing gemaak word op die belewinge en gedrag van die milieu-benadeelde voorskoolse kind en derhalwe ook op sy psigiese lewe en persoonlikheidsontwikkeling.

**TABEL 3.1** : Kinderlike belewinge as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragspatrone (Pienaar, 1997:48)

| **KOUE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** | **INTOLERANTE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** |
|---|---|
| - intense liefdes-<br>behoefte<br>- angs<br>- spanning<br>- vrees<br>- onsekerheid<br>- bekommernis<br>- ontsteltenis<br>- sinloosheid<br>- gevoelig vir kritiek<br>- apatie (gevoelloos)<br>- wantroue, agterdog<br>- verworpe<br>- bedreig, onveilig | - spanning<br>- angs<br>- vrees<br>- onseker<br>- wrok<br>- haat<br>- ongelukkig<br>- vyandig<br>- bedreig<br>- frustrasie<br>- wrewel<br>- ontmoedig<br>- wantroue |
| **TOEGEEFLIKE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** | **DOMINANTE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** |
| - voel in die steek<br>gelaat<br>- ongelukkig<br>- onveilig<br>- onseker<br>- vrees<br>- wrok<br>- angs<br>- waardeloosheid<br>· niemand het my<br>lief nie<br>· niemand gee<br>om nie | - wrok<br>- wrewel<br>- frustrasie |
| **BETROKKE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** | **ONVERSKILLIGE OPVOEDING**<br>**Kinderlike belewing** |
| - vrees | - onveilig<br>- onseker<br>- wrok<br>- wrewel<br>- angs<br>- uiters vyandig-<br>gesind |

**TABEL 3.2 : Kinderlike gedrag as uitkoms van ontoereikende ouerlike opvoedingsgedragspatrone (Pienaar, 1997:51)**

| **KOUE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | | **INTOLERANTE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | |
|---|---|---|---|
| - soekend (na liefde, | - opstandigheid | - nors, iesegrimmig | - swak konsentrasie |
| warmte, aandag, | - aggressie | - aggressie | - hedonisties |
| aanvaarding) | - ooraktief | - opstand | - min frustrasie- |
| - onderpresteer | - asosiale gedrag | (adolessent) | toleransie |
| - vyandig | - misdadige gedrag | - geïnhibeer | - hiperkrities |
| - lastige gedrag | - verhoudings- en | - "gehoorsaam" | - skelm (jeugmis- |
| - gedragsprobleme | kommunikasie- | - nie-spontaan | daad) |
| - min belangstelling | probleme | - min warmte | - selfhandhawend |
| in ander | | | |

| **TOEGEEFLIKE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | | **DOMINANTE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | |
|---|---|---|---|
| - kreatief | - soek genieting | - min inisiatief | - onderdanig |
| - inisiatief | - ongeïnhibeer | - min kreatiwiteit | - self-aggressie |
| - onderpresteer | - aggressie | - onverdraagsaam | - selfmoord |
| - ongedissiplineerd | - onrype gedrag | - oorbeleefd | - afwagtend |
| - eiewillig | - doelloos | - konformerend | - passief |
| - drifmatig (onge- | - "bedorwe brokkie" | | |
| rem) | - min respek | | |

| **BETROKKE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | | **ONVERSKILLIGE OPVOEDING**<br>**Kinderlike gedrag** | |
|---|---|---|---|
| - passief | - sorgloos | - ongebonde (aan | - misdadigheid |
| - moedergebonde | - gedweë | reëls én mense) | - impulsiewe gedrag |
| - aandagsoeke | - "soet" | - swak kommuni- | - antisosiaal |
| - inskiklik | - onderdanig | kasie | - gewetenloos |
| - afwagtend | - oorbeleefd | - aggressief | - nie-inskiklik |
| - hulpeloos | - inisiatiefloos | - ongehoorsaam | - rebels |
| - nie-kreatief | | - onbeheers | |


### 3.3.3.2 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind

Die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en tipiese opvoedingstyle wat in die milieu-benadeelde gesinsituasie verwerklik word, is reeds uitgelig. Vervolgens word die invloed van tipiese opvoedingsgedragspatrone van die milieu-benadeelde ouer op die psigiese lewe van die voorskoolse kind bespreek. Vir doeleindes van die onderhawige studie word die bespreking aan die hand van die volgende drie fasette gedoen:

- persoonlikheidseienskappe
- belewingsmatige uitkomste
- gedragsmatige uitkomste.

Die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die persoonlikheidsontwikkeling van die voorskoolse kind word aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) gedoen. Kyk Figuur 3.5 vir dié model.

**FIGUUR 3.5** : 'n Opvoeding-persoonlikheids-model (Angenent, 1990:99)





In die model het die begrippe met hoofletters betrekking op persoonlikheidseienskappe wat by die kind kan ontwikkel en die begrippe met kleinletters betrekking op die opvoedingsgedrag van die ouer. Die asse is op so 'n wyse geplaas dat 'n opvoedingstendens en die persoonlikheidseienskappe wat daaruit voortvloei, saamval. Wanneer die model gelees word, word die persoonlikheidseienskap wat in die model teenoor die opvoedingstendens staan, asook die twee persoonlikheidseienskappe wat aan weerskante van die eerste persoonlikheidseienskap aangedui word, as kenmerkende eienskappe van die kind beskou. Dit kan byvoorbeeld van die model afgelees word dat 'n dominante opvoeding as faktor die kind tot impulsiwiteit, ekstroversie en emosionaliteit predisponeer, en dat 'n koue opvoeding daartoe lei dat die kind tot 'n nie-sosiale, emosionele en introversiewe persoon ontwikkel.

Ten opsigte van kinderlike gedrag stel Pienaar (1997:79) die verband tussen ouerlike opvoedingsgedrag en kinderlike gedrag skematies in die vorm van 'n twee-dimensionele model voor. Dié model bied 'n aanduiding van die

gedragspatrone, gedragsprobleme en persoonlikheidsprobleme waartoe die kind, as uitkoms van die onderskeie opvoedingsgedragspatrone van die ouer, gepredisponeer word. Raadpleeg Figuur 3.6 in dié verband.

**FIGUUR 3.6** : 'n Opvoeding-kinderlike gedrag-model (Pienaar, 1997:79)



Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ervaar dikwels probleme ten aansien van die verwerwing van aanvaarbare gedragspatrone, veral met betrekking tot selfbeheersing en die vermoë om 'n balans tussen afhanklikheid en onafhanklikheid te handhaaf. Die meeste probleme by voorskoolse kinders hou gewoonlik verband met die mate waarin die kind aanvaarbare gedragspatrone openbaar al dan nie, byvoorbeeld ten aansien van selfkontrole, eetgewoontes en slaappatrone. Aanpassingsprobleme by kinders manifesteer ook dikwels in die vroeë kinderjare - tuis of binne die konteks van voorskoolse sorg. Weens die feit dat milieu-benadeelde ouers dikwels self op skool misluk het, koester hulle gewoonlik min of geen verwagtinge van hulle kinders nie en ontbreek dit hulle gewoonlik aan belangstelling, meelewing, aanmoediging en motivering van die kind, selfs in die voorskoolse fase. Weens die gebrek aan sukses voel die kind dan ongemotiveerd en ontmoedig, wat daartoe lei dat hy as't ware gepredisponeer is tot mislukking (Kelly, 1996:6; Meyer, 1990:1).

Die opvoedingstyle wat hoofsaaklik deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, word vervolgens bespreek in terme van die invloed daarvan op die belewinge van die kind, op die gedrag wat hy openbaar en op sy persoonlikheidsontwikkeling. Pienaar (1997:87-135) stel hierdie invloed van ouerlike opvoedingsgedragspatrone (wat telkens met 'n bepaalde waarde-oriëntasie verband hou) op die psigiese lewe van die kind in tabelvorm voor. Die onderskeie skematiese opsommings word telkens verskaf ten einde 'n omvattende beeld te bied van die opvoedingsgedrag van die ouer en die invloed daarvan op die psigiese lewe van die kind. Alhoewel die selfkonsep as die kern van 'n individu se persoonlikheid beskou word, word die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsep van die kind later as aparte faset bespreek.

### *3.3.3.2.1 Die dominante opvoeding*

Die milieu-benadeelde ouer is dikwels dominerend in sy opvoedingsgedrag teenoor die voorskoolse kind, wat daartoe lei dat laasgenoemde bloot

konformeer ten einde uit die moeilikheid te bly. Die kind se gedrag spreek van volgsaamheid, maar in die proses word hy nie toereikend deur sy ouers voorberei op die eise van die lewe nie. Hierbenewens is die milieu-benadeelde voorskoolse kind dikwels oor-afhanklik van die ouers, openbaar hy nie die nodige oorspronklikheid, kreatiwiteit en inisiatief nie en sukkel hy met effektiewe probleemoplossing. Weens die ouer se geneigdheid om die kind deur middel van beperkinge, eise en besliste gedragstandaarde in 'n gewenste rigting te probeer dwing kan die individualiteit van die kind nie tot sy reg kom nie en leer die kind nie om op sy eie bene te staan, aan te pas by veranderende of onverwagte omstandighede, soepel te wees wat die toepassing van reëls betref of om self nuwe reëls te ontwerp nie. Hierdie wyse van opvoeding kan dus beskryf word as inhiberend (remmend), aangesien die kind nie enige mate van vryheid of die geleentheid tot selfontplooiing gebied word nie. Die ouer neem besluite vir die kind sonder om sy wense of begeertes in ag te neem en kan om dié rede selfs as veeleisend beskryf word (Vergelyk Pienaar, 1997:96-97; Schoorl, 1993:110; Pretorius, 1992b:43; Meintjes, 1990:144-145).

Volgens die opvoeding-persoonlikheids-model van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) ontwikkel kinders wat dominant opgevoed is ekstroversie, impulsiwiteit en emosionele labiliteit as persoonlikheidseienskappe. Hulle beskik gewoonlik oor 'n vaste lewensvisie waaraan hulle konsekwent vashou, hou geredelik by reëls en voorskrifte en pas maklik aan by aanvaarbare norme en gewoontes. Hierdie kinders poog voortdurend om konflik te vermy en streef deurgaans daarna om nie opvallend te wees nie (Pretorius, 1992b:43).

Die streng dissiplineringspraktyke waarvan die ouer gebruik maak, lei daartoe dat die kind nie tot die nodige insig kom met betrekking tot ordelikheid nie. Die moontlikheid van die uitbouing van 'n innerlike gedragsoriëntasie en gewetensvorming word beperk en die milieu-benadeelde voorskoolse kind bly om dié rede dikwels van eksterne kontrole afhanklik. Hierdie gerigtheid op eksterne reëls het bepaalde positiewe uitkomstes en versterk

gedragseienskappe soos orde, netheid, gehoorsaamheid en ondergeskiktheid (sogenaamde "fabrieksgerigte" eienskappe), maar is remmend ten opsigte van weetgierigheid, gemotiveerdheid en die verstandelike en emosionele ontwikkeling van die kind. Kinders wat op 'n dominante wyse opgevoed word, ervaar meestal intense gevoelens van wrok, wrewel, frustrasie en verset, ten spyte van hulle oënskynlike gehoorsaamheid, beleefdheid, konformiteit en onderdanigheid. Hierbenewens gee oormatig streng opvoedingspraktyke dikwels aanleiding tot antisosiale gedragspatrone en aanpassingsprobleme by kinders, asook probleme ten aansien van prestasie (Rosa, 1994:91; Wielemans, 1984:89-91; Gardner, 1982:312).

Pretorius (1994a:59) identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe ten aansien van die kind wat volgens die posisionele (outoritêre) opvoedingstyl opgevoed word:

- gevoelens van ontoereikendheid, minderwaardigheid en skaamte
- ernstige spanningsprobleme en onsekerheid
- oormatige afhanklikheid van ander en 'n vrees om verantwoordelikheid te aanvaar
- huiwerigheid om 'n uitdaging te aanvaar voordat sukses gewaarborg word
- opstandigheid teen gesag, asook negatiwiteit, uitdagendheid, vyandigheid en aggressie
- leuens en wantroue.

Weens oormatige hulpverlening en beskerming deur die dominante ouer voel die kind soms dat hy as klein en hulpeloos vir sy ouderdom en daarom as minderwaardig beskou word. Aan die ander kant kan die oormatige strengheid van en eisestelling deur die ouer hom met die gevoel laat dat die ouer liefdeloos teenoor hom staan. Die kind kom selde tot optimale selfaktualisering en selfstandigheid, wat daartoe lei dat positiewe selfkonsepvorming belemmer word.

Hamachek (1987:231) sluit aan by die voorafgaande en identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe wat deur kinders in dominante, outoritêre gesinsituasies geopenbaar word:

- hulle ontwikkeling is ontoereikend, veral met betrekking tot onafhanklikheid en sosiale verantwoordelikheid (veral by seuns). Hierdie eienskap manifesteer weens die feit dat die kind leer om van outoriteit of gesag afhanklik te wees en selde die geleentheid kry om persoonlike keuses te maak wat tot sosiale verantwoordelikheid sal lei
- hulle beskik oor 'n ontoereikende selfkonsep, hoofsaaklik weens die gebrek aan geleenthede om op hulle eie te waag en te eksploreer
- hulle ervaar probleme ten aansien van positiewe verhoudingstigting met lede van die portuurgroep en openbaar dikwels 'n terneergedrukte gemoedstoestand. Dit is dikwels die gevolg van neerhalende opmerkings, te min vryheid en 'n gebrek aan voldoende interpersoonlike warmte
- hulle is òf gehoorsaam òf opstandig en gewetenloos. Hierbenewens openbaar hulle 'n gebrek aan spontaneïteit en nuuskierigheid, dikwels weens vrees en/of woede.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die dominante opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot aanmatigende en impulsiewe gedrag.

Met betrekking tot die dominante opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:101) (kyk Tabel 3.3) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

**TABEL 3.3 : Die dominante opvoeding (Pienaar, 1997:101)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - oorheersend | - streng beperkend |
| - dominerend | - negatiewe kommunikasie |
| - kritiserend | - dwang (magsuitoefening) |
| - veeleisend | - rigiditeit |
| - kontrolerend | - besluit vir die kind |
| - oorbemoeienis | - inhiberende opvoedingsgedrag |
| - doodkorrigering | |

| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - wrok | - min inisiatief | - ekstrovert |
| - wrewel | - gewetenloos | - emosioneel labiel |
| - frustrasie | - min kreatiwiteit | - lae selfkonsep |
| - ongelukkig | - vermy konflik | - normrigiditeit |
| | - oorbeleefd | - geïnhibeer |
| | - konformerend | - afhanklik |
| | - onderdanig | - sensitief |
| | - self-aggressie | |
| | - selfbewus | |
| | - selfmoord | |
| | - skaam | |
| | - afwagtend | |
| | - passief | |
| | - aanmatigende gedrag | |
| | - impulsiewe gedrag | |

#### *3.3.3.2.2 Die intolerante, outokratiese opvoeding*

Die gevolge wat 'n intolerante, outokratiese opvoeding op die persoonlikheidsontwikkeling van die voorskoolse kind het, is gedeeltelik dié van 'n dominante en gedeeltelik dié van 'n koue opvoeding. Kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word, is gewoonlik passief en toon 'n gebrekkige mate van inisiatief, grootliks weens die ouers se doodkorrigerende gedrag, waarvolgens die kind leer om eerder niks te doen nie en op dié wyse enige foute deur hom te vermy. Die kind ontwikkel in 'n konserwatiewe mens, wat op rigiede wyse aan reëls en konvensies vaskleef. Hy is beperk in sy opvattinge, tree gewoonlik konvensioneel op, verwerp afwykings van dit wat algemeen aanvaarbaar is en lewer selde kritiek teenoor gesagsinstansies. Hierbenewens is hy meestal afhanklik van ander, bang om verantwoordelikheid te aanvaar en huiwerig om uitdagings aan te pak indien hy nie vooraf seker is van 'n redelike mate van sukses nie. Hy bly van eksterne beheer en kontrole afhanklik en volg, op grond van die gebrek aan innerlike beheer en selfdissipline, gewoonlik bloot die massa wanneer hy handel (Pretorius, 1992b:46; Steyn, Van Wyk & Le Roux, 1989:338).

Angenent (1990:106) wys daarop dat die kind wat aan intolerante opvoedingsgedrag onderwerp word dikwels 'n pessimistiese lewensuitkyk en gevoelens van opgekropte haat het, wat onderdruk word en dan soms op impulsiewe en aggressiewe wyse tot ontlading kom. Volgens die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) is kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word dikwels nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie en asosiaal georiënteer), impulsief en emosioneel, met daarmee gepaardgaande gevoelens van emosionele labiliteit (ontsteltenis, prikkelbaarheid), emosionele kwesbaarheid (byvoorbeeld ten opsigte van stres) en 'n gepredisponeerdheid tot depressie, bekommernis en spanning. Hierbenewens word die psigiese lewe van die kind gekenmerk deur negatiewe, versteurde en blokkerende belewinge en is sy gedrag dikwels

selfbeskermend, selfhandhawend en sosiaal-wanaangepas (Pretorius, 1992a:41).

Hurlock (1978:527-528) beklemtoon die ongunstige effek van die outoritêre opvoedingstyl op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, aan die hand van 'n beskrywing van kinders wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word:

> *"They are inhibited, overcontrolled, introverted, withdrawn, conservative and conventional ... intolerant of change, irregularity, and things that are not clearly defined. They tend to be submissive to authority figures but aggressive toward all who are weaker than they are. Characteristically, they are anxious, guilt-prone, worry-prone, compulsively doubtful, insecure, rigidly moral, and plagued by feelings of inadequacy and inferiority."*

Volgens Pellegrini (1987:148) is hierdie kinders minder geneig tot gereelde interaksie met lede van hulle portuurgroep en word hulle deur ander gedomineer wanneer daar wel interaksie plaasvind. Alhoewel hierdie kinders gehoorsaam is, ontbreek dit hulle aan spontaneïteit en affeksie. Hulle blyk derhalwe nie sosiaal vaardig te wees nie. Voorskoolse kinders uit intolerante, outokratiese gesinne is meestal afhanklik, sosiaal teruggetrokke en ongelukkig.

Ook Shaffer (1996:609-610) verwys na 'n studie deur Baumrind (1967) met betrekking tot die verband tussen opvoedingstyle en die eienskappe van voorskoolse kinders wat onderwerp word aan verskillende opvoedingstyle. Ten aansien van die outoritêre opvoedingstyl, wat kenmerkend is van die milieu-benadeelde ouer, is bevind dat voorskoolse kinders geneig is om gereeld buierig en merkbaar ongelukkig te wees, maklik kwaad word en dikwels onvriendelik is, relatief doelloos is en oor die algemeen nie baie aangenaam is om by te wees nie.

Voorskoolse kinders wat volgens hierdie opvoedingstyl opgevoed word, openbaar dikwels gevoelens van angs, minderwaardigheid en ontoereikendheid. Hierbenewens leer die kind nooit om te redeneer of 'n saak te beoordeel nie en ondervind hy probleme om besluite te neem en keuses te maak, aangesien hy nie oor die vaardighede hiervoor beskik nie. Op grond van innerlike onsekerheid en vrees openbaar hy selde doeltreffende probleemoplossende gedrag. Hy ontwikkel dikwels ernstige spanningsprobleme en openbaar 'n gebrek aan skeppingsvermoë, veral wanneer oorspronklike oplossings vir probleme gevind moet word. Hierdie kinders kom uiterlik stil, goedgemanierd en onderworpe voor, maar koester dikwels 'n wrok, wat in gevoelens van ongelukkigheid en agterdog jeens ander mense resulteer. Die kind tree dan soms oneerlik, skelm en geheimsinnig op om straf te ontduik. Sielkundige straf, soos liefdesonthouding, kan tot selfs ernstiger psigiatriese gesteldhede by die kind aanleiding gee (Vergelyk Van Wyk, 1996:43; Steyn *et al*, 1989:338; Hurlock, 1978:404).

Die relatief afsydige en outoritêre opvoedingstyl resulteer verder in probleme soos 'n lae selfkonsep, swak skolastiese prestasie, versteurde verhoudinge met die portuurgroep, asook aanpassingsprobleme, byvoorbeeld aggressie, vyandigheid en depressie. Die ouer is dikwels in konflik met sy kind, gewoonlik weens gebrekkige finansies, wat hom vyandig laat voel teenoor sy kind. Op sy beurt medeveroorsaak die ouer se onbetrokkenheid en onvoldoende koestering verset, aanpassingsprobleme, antisosiale, uitdagende en rebellerende gedrag by die kind, wat weer daartoe bydra dat die ouer gevoelens van ontoereikendheid beleef, wat op sy beurt daartoe lei dat hy selfs nog meer onbetrokke en minder koesterend teenoor die kind optree (Shaffer, 1996:613; Steyn *et al*, 1989:338).

Hurlock (1978:404) vat die ongunstige invloed van streng outoritêre dissiplinêre maatreëls op die volgende wyse saam:

> *"Even though authoritarian discipline in its strictest form is more damaging to a child at certain times during the developmental pattern than at others, there is **no** time when it does not leave an unfavorable mark on the child's behaviour or personality."*

Pretorius (1994a:246) lewer die volgende uitspraak ten opsigte van die kind se belewing van die ouer se outokratiese opvoedingsgedrag:

> Die ouer se *"... afkeurende en oorkritiese houding maak die kind beangs en gefrustreerd. Hy vrees die straf, verwyt, afkeuring en nie-aanvaarding wat hy sal moet verduur as hy nie aan sekere eise voldoen nie. Wrok, wrewel en aggressie word in hom gewek. Hy raak ook ontmoedig. Dit is uiters ontmoedigend ... wanneer 'n mens sy uiterste bes probeer, maar telkens nie kan voldoen aan die eise en verwagtinge wat gestel word nie."*

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die intolerante opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot emosioneel-veeleisende en uitdagend-vyandige gedrag, asook tot gedragsprobleme.

Met betrekking tot die intolerante, outokratiese opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:101) (kyk Tabel 3.4) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.4 : Die intolerante, outokratiese opvoeding (Pienaar, 1997:125)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - koud/dominant | - kind sien/nie hoor |
| - gebiedend (diktatoriaal) | - besluit **vir** kind |
| - streng eise | - kontrolerend |
| - min kommunikasie | - neerhalend |
| - straf (fisies) en dreig | - onbuigsaam |

| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - spanning | - aggressie | - impulsief |
| - angs | - opstandig | - emosioneel (buierig) |
| - vrees | - min inisiatief | - nie-sosiaal |
| - onseker | - ontoereikende selfaktualisering | - passief |
| - wrok | - konvensioneel | - rigied |
| - bekommerd | - dominerend | - lae selfkonsep |
| - ongelukkig | - rebels | - afhanklik |
| - minderwaardig | - misdadige gedrag | - min selfvertroue |
| - skaamte | - selfbeskermende gedrag | |
| - frustrasie | - wanaangepaste gedrag | |
| - wrewel | - tot gedragsprobleme predisponeer | |
| - ontmoedig | - emosioneel-veeleisende gedrag | |
| - wantrouig | - uitdagend-vyandige gedrag | |
| - skuldgevoelens | - selfhandhawende gedrag | |
| - depressie | | |
| - gevoelig vir kritiek | | |

### *3.3.3.2.3 Die onverskillige opvoeding*

Die onverskillige opvoeding, wat 'n koue, toegeeflike opvoeding is, word gekenmerk deur 'n gebrek aan belangstelling van die ouer in die kind, wat daartoe lei dat hy die kind verontagsaam en verwaarloos. In sommige gevalle kan die ouer hom selfs van die kind en sy optrede distansieer en hom algehele vryheid toelaat. Die ouer neem nie die primêre behoeftes van die kind in ag nie en voorsien nie in die kind se behoefte aan liefde en warmte of in sy behoefte aan gesag en leiding nie. Die kind word derhalwe affektief verwaarloos en is nie aan reëls of mense gebonde nie. Gevolglik vind hy dit moeilik om diepgaande met ander persone te kommunikeer. Hierbenewens vind hy dit moeilik om reëls en afsprake na te kom (Pretorius, 1992b:47-48; Angenent, 1990:107).

Die onverskillige opvoedingstyl kan beskou word as die mees onsuksesvolle opvoedingstyl, wat die mees konsekwent negatiewe invloed op die psigiese lewe van die kind uitoefen. Hierdie slap, onkontrolerende benadering waar kinders verwerp word of waar ouers so oorweldig is deur hulle eie spanning en probleme dat hulle nie tyd of energie het om aan die opvoeding van hulle kinders te wy nie, het 'n uiters nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die kind. Kinders wat volgens hierdie opvoedingstyl opgevoed word, openbaar as kleuters redelik hoë vlakke van openlike aggressiewe gedrag, antisosiale gedrag en eksternaliserende gedrag soos woede-uitbarstings. Hierbenewens is die invloed van die opvoedingstyl sigbaar in die situatief-versteurde gedrag wat die kind openbaar, byvoorbeeld onveilige en onseker-tastende gedrag, onbeheersdheid en ongeremdheid (om nie rekening te hou met mense of met norme nie), asook misdadigheid (Shaffer, 1996:610; Pretorius, 1992a:44).

Die koue vyandigheid wat die kind beleef, kan daartoe lei dat hy ontwikkel tot 'n emosioneel onveilige, sosiaal ontwykende persoon wat die ontoereikende ek-jy-verhouding wat tussen hom en sy ouers bestaan in sy verhoudinge met ander voortsit. Op grond van die onthouding van liefde deur die ouers kan die kind 'n

egoïstiese houding openbaar, en ook gevoelens van wrok, wrewel en angs koester. Dit resulteer daarin dat hy nie op die gevoelens en gedagtes van ander gerig is nie, maar op die negatiewe gevolge wat 'n oortreding vir homself inhou. Hierbenewens is die kind wat aan hierdie opvoedingstyl onderwerp word geneig tot impulsiewe en antisosiale gedrag (Pretorius, 1992a:44).

Verwaarlosende opvoeding lei daartoe dat die kind tot 'n asosiale of antisosiale persoon ontwikkel. Weens 'n tekort aan liefde en versorging openbaar die kind gevoelens van minderwaardigheid en wrok. Verder impliseer die ontoereikende oordrag van sosiale waardes en norme negatiewe sosiale gevoelens vir die kind, 'n negatiewe sosiale ingesteldheid teenoor sy medemens en dit wat aan hom behoort, ontoereikende sosiale verantwoordelikheid en 'n gebrekkige sosiale gewete (gewetenloosheid). Verder gee dit aanleiding tot sosiale skaamteloosheid, sosiale onverskilligheid, sosiale onverdraagsaamheid en drifmatige onbeheerstheid by die voorskoolse kind (Vergelyk Pretorius, 1994a:195).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat aan die onverskillige opvoedingstyl onderwerp word introversie en intellektuele kontrole as persoonlikheidseienskappe ontwikkel, asook dat hulle dikwels nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie, asosiaal georiënteer) is.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die onverskillige opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot teruggetrokke gedrag, asook tot persoonlikheidsprobleme.

Met betrekking tot die onverskillige opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.5) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.5 : Die onverskillige opvoeding (Pienaar, 1997:135)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - koud/toegeeflik<br>- verwaarloos<br>- mishandel<br>- distansie<br>- liefdesonthouding<br>- onbetrokke | - onverantwoordelik<br>- passief (gee nie liefde nie en gee nie leiding nie)<br>- min belangstelling in die kind<br>- gebrekkige gesagsleiding |

| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - onveilig<br>- onseker<br>- wrok<br>- wrewel<br>- angs | - ongebonde (aan reëls én mense)<br>- swak kommunikasie<br>- aggressief<br>- teruggetrokke gedrag<br>- onbeheers<br>- misdadigheid<br>- impulsiewe gedrag<br>- antisosiaal<br>- gewetenloos<br>- situatief-versteurde gedrag<br>- onseker-tastende gedrag<br>- jeugwangedrag<br>- ongeremdheid | - nie-sosiaal<br>- introvert<br>- intellektuele kontrole<br>- egoïsties<br>- lae selfkonsep<br>- tot persoonlikheids-probleme predisponeer |

#### *3.3.3.2.4 Die koue opvoeding*

Die koue opvoedingstyl word gekenmerk deur pedagogiese verwaarlosing, liefdeloosheid, verwerping en selfs vyandigheid van die ouer teenoor die kind. Die ouer is nie kind-gerig of beskikbaar vir die kind nie, toon nie belangstelling in die kind nie en is nie ingestel op die kind se behoeftes en opinies nie. Die ouer spandeer min tyd en moeite aan die kind, wat daartoe lei dat daar selde sprake is van gesamentlike aktiwiteite en egte persoonlike kommunikasie tussen ouer en kind (Pretorius, 1992a:26-27; Angenent, 1990:78-79).

Milieu-benadeelde ouers betoon dikwels nie genoegsame liefde en warmte tydens die opvoeding van hulle kinders nie. Volgens Shaffer (1996:608) ontwikkel kinders wat nie voldoende liefde en warmte van hulle ouers ontvang nie minder stabiele gesinsbande, is dikwels angstig, emosioneel gefrustreerd en prikkelbaar, ervaar hulle meer dikwels gesondheidsprobleme, doen swakker op skool, is minder populêr by die portuurgroep en benodig meer dikwels sielkundige hulp vir gedragsprobleme. Hierdie kinders kry nie die geleentheid om te floreer nie, weens die feit dat hullle verwerp word.

Pretorius (1992, 1994) maak die volgende uitsprake ten aansien van die gebrek aan liefde wat die koud-opgevoede kind ervaar:

- *"Weens die intense behoefte van die kind aan onvoorwaardelike liefde en algehele aanvaarding kan 'n mens te wagte wees dat die koud opgevoede kind sal ontwikkel tot 'n persoonlikheid met 'n emosioneel labiele en emosioneel arme psigiese lewe, en 'n teruggetrokke en swak aangepaste sosiale lewe. 'n Koue, liefdelose en verhardende opvoeding beteken dus vir die kind psigiese en sosiale skeefgroei"* (Pretorius, 1992a:29).

- *"Die liefdeloosheid werk gevoelsverarming, 'n apatiese ingesteldheid en 'n neiging tot introversie en minderwaardigheid in die hand, maar andersyds lei*

*dit tot 'n intense nood aan liefdevolle verbondenheid asook 'n begeerte om begryp en verstaan te word. Die intense belewing van minderwaardigheid tesame met die behoefte aan begrip kan tot wangedrag lei"* (Pretorius, 1994a:194).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat koud opgevoed is introversie en emosionaliteit as persoonlikheidseienskappe ontwikkel. Hierbenewens is hulle gewoonlik nie-sosiaal (nie sosiaal vaardig nie, sosiaal nie goed aangepas nie, asosiaal georiënteer).

Verder openbaar die voorskoolse kind gevoelens van agterdog, onsekerheid, bekommernis, ontsteltenis, gevoeligheid vir kritiek, angs en spanning. Opvoedings- en gedragsprobleme manifesteer reeds op 'n vroeë ouderdom by die kind en hy ontwikkel tot iemand wat selde belangstel in sy medemens en sosiaal teruggetrokke lewe. Op grond van sy gevoelens van ontevredenheid, wantroue en vyandigheid openbaar hy soms opstandige, aandagsoekende, aggressiewe, asosiale en misdadige gedrag. Ekstreem koue opvoedingsgedrag deur die ouer lei selfs daartoe dat die kind tot 'n labiele mens ontwikkel wat in spanning lewe en geredelik neurotiese simptome openbaar (Vergelyk Pretorius, 1992a:27; Pretorius, 1992b:42).

Weens die ontoereikende kommunikasie wat tussen ouer en kind verwerklik word, ervaar die voorskoolse kind 'n gebrek aan belangstelling in hom en ontwikkel hy 'n sekere mate van oppervlakkige selfstandigheid sodat hy op sy eie kan klaar kom. Dit is egter 'n blote skyn, waaragter 'n intense afhanklikheid en behoefte aan ondersteuning skuil (Vergelyk Angenent, 1990:102).

Die uitkoms van die ontoereikende ek-jy-verhouding wat tussen die koue ouer en sy kind verwerklik word, blyk uit die volgende uitspraak van Pretorius (1994a:248):

*"Die jong kind kom niks so sleg te bowe as 'n tekort aan liefde nie. As die ouers (gevoelsmatig) afwesig, liefdeloos, afgetrokke of kontakversteurend is, loop die persoonsontplooiing van die kind ernstige gevaar, want liefdeloosheid maak die wêreld grou en uitsigloos."*

Die voorskoolse kind se belewing van verwerping deur die ouer kan ernstige gevolge hê vir sy persoonlike welsyn, sosiale ontwikkeling, selfkonsepvorming en geestesgesondheid. Benewens gevoelens van verworpenheid, bedreiging en minderwaardigheid openbaar die kind dikwels gevoelens van vyandigheid, gevoelloosheid en onverskilligheid teenoor die ouer. Verder beleef hy sy eie bestaan en prestasies nie as sinvol nie en ervaar hy probleme ten aansien van verhoudinge en kommunikasie met sy medemens. Weens sy intense behoefte aan liefde en aandag is hierdie kind oormatig geneig om ander te probeer tevrede stel, in 'n poging om op dié wyse aandag te verkry. Alhoewel hy dikwels lastige, aandagsoekende gedrag openbaar om aandag te wen, het hierdie gedrag soms die teenoorgestelde uitwerking, wat in 'n verdere belewing van verstoting by die kind resulteer (Vergelyk Pretorius, 1994a:249; Pretorius, 1992a:28).

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die koue opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot wantrouende sosiale gedrag, asook tot persoonlikheidsprobleme.

Met betrekking tot die koue opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.6) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

**TABEL 3.6 : Die koue opvoeding (Pienaar, 1997:95)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - koud | - verwaarlosend |
| - hard | - egoïsties |
| - nie kind-gerig | - straf dikwels |
| - sadisties | - verkleinerend |
| - ongunstige vergelyking | - oormatig krities |
| - vyandig | - min egte kommunikasie |
| - verwerpend | - min belangstelling |

| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - angs | - onderdanig | - emosioneel labiel |
| - spanning | - oorgewillig om ander te behaag | - nie-sosiaal |
| - vrees | - rusteloos | - introvert |
| - onsekerheid | - vyandig | - lae selfkonsep |
| - geïrriteerdheid | - lastige gedrag | - neurotiese simptome (ekstreem) |
| - gevoelig vir kritiek | - wantrouende gedrag | - afhanklik |
| - minderwaardigheid | - min belangstelling in ander | - verhard |
| - eensaamheid | - opstandigheid | - psigiese skeefgroei (tot persoonlikheids-probleme predisponeer) |
| - wantroue | - aggressie | - nie selfstandig |
| - verworpe | - ooraktief | |
| - bedreig, onveilig | - asosiale gedrag | |
| | - teruggetrokke gedrag | |
| | - misdadige gedrag | |
| | - verhoudings- en kommuni-kasieprobleme | |

#### *3.3.3.2.5 Die toegeeflike opvoeding*

Die toegeeflike opvoeding word gekenmerk deur minimum kontrole en min eise aan die kind. Die ouer is aanvaardend ten opsigte van die impulse van die kind en eis nie sosiaal verantwoordelike gedrag van die kind nie. Hierdie ouer kom egter onbetrokke voor en kontroleer die kind se doen en late nie toereikend nie (Pienaar, 1997:104).

Indien die voorskoolse kind aan toegeeflikheid binne redelike grense onderwerp word, blyk die gevolge vir die persoonlikheidsontwikkeling van die kind meestal gunstig te wees. Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk figuur 3.5) blyk dit dat die toegeeflike opvoeding tot die ontwikkeling van introversie, intellektuele kontrole en emosionele stabiliteit as persoonlikheidsienskappe van die kind aanleiding gee.

Hierbenewens is die kind gewoonlik sosiaal goed aangepas, inskiklik, kreatief en toon hy inisiatief. In teenstelling hiermee, is die kind wat aan 'n ekstreme mate van toegeeflikheid onderwerp word, geneig om veeleisend en ongeduldig te raak indien hy nie sy sin kry nie. Verder is hy selfsugtig en egosentries, toon hy min respek en konsiderasie vir sy medemens en presteer hy selde na wense, weens die feit dat hy van jongs af aan min eise en verwagtinge blootgestel word (Pretorius, 1992a:32; Angenent, 1990:103).

Steyn *et al* (1989:338) maak die volgende uitspraak ten aansien van die kind wat oormatig toegeeflik opgevoed word:

> *"Kinders uit sulke ouerhuise het heel dikwels die gevoel dat niemand hulle liefhet of vir hulle omgee nie. Omdat hulle so baie veroorloof word, ontwikkel hulle dikwels gevoelens van onveiligheid en onsekerheid."*

Hierdie gevoelens van onveiligheid en onsekerheid spruit voort uit die kind se geneigdheid om nie vir homself vaste gedragsgrense te stel nie, wat daartoe lei dat hy nie altyd die nodige selfvertroue openbaar nie. Sy beperkte ervaring en psigiese onrypheid resulteer in verwardheid en onsekerheid, wat daartoe lei dat hy nie in staat is tot besluitneming met betrekking tot sosiaal aanvaarbare gedrag nie. Dit hou die moontlikheid in dat hy met vreesagtigheid, angs en aggressie op hierdie gesteldheid kan reageer. Hierbenewens kan hy moontlik 'n wrok koester teen die ouers, wat nie die nodige waarskuwings en begeleiding betyds aan hom gee nie en hom op dié wyse in die steek laat. Die kind is dikwels impulsief en aggressief, geneig om baasspelerig en selfgesentreerd te wees, geneig om 'n gebrek aan selfbeheer te openbaar, asook 'n lae vlak van onafhanklikheid en prestasie (Shaffer, 1996:609-610; Pretorius, 1992a:32-33).

Hamachek (1987:232) identifiseer die volgende kenmerkende eienskappe van kinders wat op 'n permissiewe wyse opgevoed word:

- hulle toon 'n gebrek aan die vermoë om impulse te beheer en die bevrediging daarvan uit te stel, weens die feit dat hierdie kinders hulle sin kry in bykans alles, asook weens die feit dat daar min eise aan hulle gestel word
- hulle is oormatig aggressief, vanweë hulle strewe om hulle wense onmiddellik te laat vervul op die manier wat hulle voorskryf, asook die oormatige mate van vryheid wat hulle beleef om hulself vrylik uit te druk
- hulle is gewoonlik onryp, aangesien hulle hul in 'n omgewing bevind waar hulle die middelpunt is en daar min verwagtinge gestel word met betrekking tot impuls-beheer en aanvaarbare gedrag
- hulle openbaar ontoereikende sosiale vaardighede en leierskap-potensiaal
- hulle beskik oor 'n gebrekkige vermoë en/of onwilligheid om doelwitte te stel en dit na te streef, weens die lae verwagtinge, lae eise en min erkenning wat hulle tuis ontvang.

Pretorius (1992a:33) sluit aan by bogenoemde en identifiseer die volgende gedragswyses waaraan die toegeeflik opgevoede kind geken kan word:

- gebrekkige selfstandige en eksploratiewe gedrag
- 'n gebrek aan selfbeheersing, asook wanordelike of onrype gedrag (teenoor byvoorbeeld leeftydgenote)
- 'n gebrek aan aanvaarding van sosiale verantwoordelikheid
- oormatige ekspressiewe en ongeïnhibeerde gedrag (uitgelatenheid, rumoerigheid, uittartendheid en opvlieëndheid)
- aggressiewe gedrag, veral wanneer hy sy sin kry indien hy hom op 'n aggressiewe wyse gedra en aggressiewe gedrag op dié wyse versterk word deur die ouers se reaksie daarop.

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die toegeeflike opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot onderdanige gedrag.

Alhoewel die toegeeflike opvoeding gewoonlik gekenmerk word deur minimum kontrole en eise en 'n oormatige mate van vryheid aan die kind, wat in bogenoemde gedrag en kenmerke resulteer, bestaan die moontlikheid dat die ouer tot die besef kan kom dat die vrye teuels wat hy gee rampspoedige gevolge kan inhou. In reaksie tree die ouer dan soms oormatig streng en bestraffend op, wat die kind verwar en met gevoelens van onveiligheid laat. Hierdie inkonsekwente dissiplineringspraktyk kan aanleiding gee tot 'n emosioneel versteurde of misdadige persoonlikheid by die kind (Pretorius, 1992a:33).

Met betrekking tot die toegeeflike opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk tabel 3.7) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

**TABEL 3.7 : Die toegeeflike opvoeding (Pienaar, 1997:108)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - laat baie vryheid toe<br>- minimum kontrole<br>- min eise<br>- min reëls<br>- geen dwang<br>- nie-bestraffend<br>- oormatig aanvaardend | - verwenning (saam met warmte)<br>- distansie (saam met koudheid)<br>- onverskillig<br>- onbetrokke<br>- onbesorg |

↓ ↓ ↓

| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - voel in die steek gelaat<br>- onveilig<br>- onseker<br>- vrees<br>- wrok<br>- angs<br>- waardeloosheid<br>* niemand het my lief nie<br>* niemand gee om nie | - kreatief<br>- inisiatief<br>- eksploratief<br>- onderprestasie<br>- drifmatig (ongerem)<br>- misdadige gedrag<br>- ongeïnhibeerde gedrag<br>- onrype gedrag<br>- onderdanige gedrag<br>- kalm-inskiklike gedrag<br>- aggressie<br>- min respek<br>- onvolwasse | - lae selfkonsep<br>- emosioneel stabiel<br>- introvert<br>- intellektuele kontrole<br>- selfsugtig<br>- veeleisend<br>- egosentries<br>- gebrekkige selfstandigheid<br>- min sosiale verantwoordelikheid<br>- min selfvertroue<br>- min selfdissipline |

#### *3.3.3.2.6 Die betrokke opvoeding*

Alhoewel die betrokke opvoedingstyl na 'n gunstige opvoedingsgedragspatroon mag lyk, het die betrokke opvoeding vir die doeleindes van die onderhawige studie 'n ongunstige betekenis, weens die feit dat oormatige betrokkenheid in oorbemoeienis deur die ouer manifesteer. By dié opvoedingstyl word dominansie, beperking en kontrole met liefde en warmte gekombineer, wat boodskappe soos oorbeskerming, opdringerigheid, bemoeisug en oorbesorgdheid aan die kind kommunikeer. Die kind word in sy ontwikkeling onderskat en die ouer hou nie rekening met sy strewe na emansipasie nie. Die ouer poog deurgaans om die kind van gevare te beskerm en om hom op alle terreine moontlik te help, op grond van sy vrees dat die kind iets sal oorkom (Pretorius, 1992a:41-42).

Hurlock (1978:497) stel die uitwerking van oorbeskerming op die kind soos volg:

> *"Parental overprotectiveness consists of excessive care and control over the child. This fosters overdependency in children, dependency on all people, not parents alone, lack of self-confidence, and frustrations."*

Angenent (1990:107) sluit hierby aan en meld dat kinders wat aan betrokke opvoeding onderwerp word gebrekkige selfvertroue en deursettingsvermoë openbaar en afhanklik en passief voorkom. Hierbenewens word die kind dikwels gekenmerk deur 'n oormatige moedergebondenheid en aandagsoekende gedrag. Die voorskoolse kind se verwerwing van selfstandigheid word belemmer en hy is dikwels volgsaam, "soet", onderdanig, gedweë, oorbeleef en inskiklik. Hy openbaar selde inisiatief en neem selde leiding (Vergelyk Pretorius, 1992a:42).

Volgens Wielemans (1984:92-93) is ouers uit lae sosio-ekonomiese groeperinge selde ingestel op die bevordering van selfvertroue en suksesbelewing by die kind, wat uiteindelik tot 'n hoë mate van prestasiegemotiveerdheid sal aanleiding

gee. Milieu-benadeelde ouers het weinig vertroue in die selfstandige ontwikkelingsmoontlikhede van hulle kinders, met die gevolg dat hulle opvoedingshouding dikwels gekenmerk word deur 'n mate van oorbeskerming. Dit belemmer uiteraard die uitbouing van 'n verantwoordelikheidsin by die kind met betrekking tot sy eie suksesse en mislukkings.

Pretorius (1992b:47) meld dat die kind wat aan die betrokke opvoedingstyl onderwerp word meestal tot 'n ekstrovert ontwikkel wat sosiaal maklik kan aanpas, alhoewel hy ietwat onoplettend en sorgloos kan wees en sy geldingsdrang op 'n egosentriese wyse tot uiting kan bring. In die geval van ekstreme betrokkenheid deur die ouer is die ouer oormatig besorgd oor die kind en bemoei hy hom met bykans alles wat die kind aangaan. Vanweë die sterk emosionele band tussen ouer en kind ontstaan 'n beperking van die opvoedingsmilieu, waarin daar geen plek is vir ander nie en wat belemmerend inwerk op die kind se persoonlikheidsontwikkeling.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) (kyk Figuur 3.5) blyk dit dat kinders wat aan die betrokke opvoedingstyl onderwerp word ekstroversie en impulsiwiteit as persoonlikheidsienskappe ontwikkel. Hierbenewens is hulle gewoonlik sosiaal (sosiaal vaardig, sosiaal aanpasbaar, pro-sosiaal georiënteer).

Volgens die opvoeding-kinderlike gedrag-model van Pienaar (1997:79) (kyk Figuur 3.6) predisponeer die betrokke opvoedingsgedrag van die ouer die kind tot sosiaal-aangename gedrag.

Met betrekking tot die betrokke opvoeding word ter samevatting die skematiese voorstelling van Pienaar (1997:135) (kyk Tabel 3.8) verskaf, waarin die uitstaande opvoedingsgedragspatrone van die ouer en die daaruit voortvloeiende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die kind uiteengesit word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.8 : Die betrokke opvoeding (Pienaar, 1997:130)**

| OPVOEDINGSGEDRAG VAN DIE OUER | |
|---|---|
| - warmte/dominansie | - bemoeisug |
| - oorbetrokke | - opdringerig |
| - oormatige kontak | - bemoedering |
| - oormatige kontrole | - kind oppiep |
| - oormatige versorging | - oorbeskerming |
| - sterk emosionele band | |


| BELEWINGE VAN DIE KIND | GEDRAGINGE VAN DIE KIND | PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE VAN DIE KIND |
|---|---|---|
| - frustrasie | - passief | - sosiaal gerem (ekstreem-betrokke) |
| - vrees | - moedergebonde | - sosiaal (matig-betrokke) |
| | - aandagsoekend | - ekstrovert |
| | - volgsaam | - impulsief |
| | - onderdanig | - lae selfkonsep |
| | - oorbeleefd | - min selfvertroue |
| | - afwagtend | - afhanklik |
| | - hulpeloos | - infantiel |
| | - inisiatiefloos | |
| | - sosiaal-aangename gedrag | |

### 3.3.3.3 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die selfkonsepvorming van die voorskoolse kind

Die invloed van ouerlike opvoedingsgedrag op die selfkonsep (kern van die persoonlikheid) van die kind word deur Coetzee (1993:155) verduidelik in terme

van 'n opvoeding-selfkonsep-model (Figuur 3.7). Volgens dié model blyk dit dat positiewe selfkonsepvorming by die kind deur slegs twee basisvorme van die opvoeding gepredisponeer word, naamlik die warm opvoeding en die demokratiese, tolerante opvoeding.

**FIGUUR 3.7** : 'n Opvoeding-selfkonsep-model (Coetzee, 1993:155)




Wanneer die kenmerkende opvoedingsgedragspatrone van die milieu-benadeelde ouer teen hierdie model gemeet word (vergelyk paragraaf 3.2.1), kan die afleiding gemaak word dat tipiese opvoedingsgedragspatrone wat deur milieu-benadeelde ouers verwerklik word, gewoonlik die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep by die voorskoolse kind belemmer, aangesien milieu-benadeelde ouers gewoonlik nie die warm òf demokratiese opvoedingstyl verwerklik nie.

Die milieu-benadeelde kind ontwikkel dikwels 'n negatiewe selfkonsep, weens sy belewing dat hy nie oor die nodige vermoëns beskik om aan gestelde eise te voldoen nie. Hy voel meestal verwerp en soek dan deur middel van ongewenste sosiale gedrag aanvaarding by die portuurgroep. Hierbenewens openbaar hy, op grond van sy negatiewe selfkonsep, 'n gebrekkige waaghouding en beleef hy homself as 'n mislukking (Meintjes, 1990:146 & 155).

Pretorius (1998a:49) skryf die ontoereikende selfkonsep van die milieu-benadeelde voorskoolse kind hoofsaaklik toe aan sy ouers se ontoereikende opvoedingstyl en sy milieu-benadeelde situasie. Dié skrywer meld verder dat hierdie lae selfkonsep die kind uiteindelik dikwels tot sosiaal onaangepaste gedrag en ontoereikende skoolprestasie predisponeer.

#### 3.3.3.4 Die invloed van die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer op die ontwikkeling van die voorskoolse kind

Die omvangryke effek van die vroeë kinderjare is reeds elders beklemtoon, asook die feit dat die voorskoolse lewensfase 'n sterk, selfs bepalende invloed op die ontwikkeling van die kind uitoefen. Alhoewel sekere ervaringe minder belangrik is as ander, kan bepaalde gebeure en ervaringe deurslaggewend wees vir toereikende groei en gedragspatrone by die kind (Wielemans, 1984:79; Harman & Brim, 1980:33).

Dit is belangrik dat die ontwikkeling van die kleuter in totaliteit deur veral die ouers gestimuleer word. Opvoeding behoort altyd op die optimale ontwikkeling van die kind gerig te wees, ten einde die kind in staat te stel om te floreer en uiteindelik tot 'n goed aangepaste volwassene te ontwikkel. Die volgende fasette word as belangrik beskou ten aansien van die ontwikkeling van die kleuter as kind-in-totaliteit, soos wat dit deur veral die ouers bevorder behoort te word (Van Wyk, 1996:44-45; De Witt & Booysen, 1995:71; Buys, 1991:81-88):

- **Fisieke ontwikkeling:** Die kleuter moet begelei word om sy liggaam en sintuie te oefen, te beheer en te gebruik, asook om geleidelik meer onafhanklik te raak. Perseptuele ontwikkeling is belangrik gedurende hierdie lewensfase en moet by die voorskoolse kind bevorder word. Enige fisieke probleme moet betyds herken word, die kleuter moet goed versorg en sy veiligheid verseker word.

- **Affektiewe ontwikkeling:** Die voorskoolse kind moet geborge en veilig voel sodat hy inisiatief sal openbaar en sal waag in die wêreld rondom hom. Hy moet vertroue in sy versorger (gewoonlik die moeder) ontwikkel sodat hy vertroue in die wêreld en in homself kan ontwikkel. Hierbenewens moet hy begelei word om in 'n toenemende mate beheer te verkry oor sy emosies.

- **Kognitiewe ontwikkeling:** Die kleuter behoort die nodige blootstelling te kry aan 'n verskeidenheid ervaringe sodat hy die wêreld rondom hom kan ontdek. Hy moet taalvaardigheid verwerf, ten einde deur middel van taal sin te gee aan die werklikheid en deur middel van interpersoonlike kommunikasie homself te leer ken. Hierbenewens behoort hy tot die besef begelei te word dat kennis interessant is, om reeds op 'n vroeë ouderdom 'n grondslag en liefde vir lees en leer by hom te kweek.

- **Sosiale ontwikkeling:** Die voorskoolse kind moet begelei word om saam met ander kinders te speel en in 'n groep te kan saamwerk.

- **Normatiewe ontwikkeling:** Die kleuter moet deur die voorbeeld van betekenisvolle ander in sy lewe gelei word om soos 'n Christen te leef. Sy gewete moet begin ontwikkel en hy moet beginsels aanleer waarvolgens hy gedrag as "goed/reg" of "sleg/verkeerd" kan beoordeel en wat hy as rigtinggewend kan gebruik ten aansien van sy eie gedrag. Vir die klein kind is gehoorsaamheid en om daarvoor geprys te word veral belangrik.

- **Kreatiewe ontwikkeling:** Kreatiewe denke moet bevorder word by die kleuter en hy moet begelei word om sy skeppende vermoëns uit te bou en tot 'n estetiese bewustheid te kom waar hy die mooi dinge van die lewe raaksien en waardeer.

Die invloed van die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde ouer op die ontwikkeling van die voorskoolse kind word vervolgens aan die hand van enkele fasette van ontwikkeling bespreek. Dit hou uiteraard verband met die waarde-oriëntasie van die ouer, aangesien die waardes wat die ouer aanhang sy opvoedingsgedrag en opvoedingsinhoude bepaal, wat weer 'n bepalende invloed het op die ontwikkeling van die (voorskoolse) kind.

#### *3.3.3.4.1 Affektiewe ontwikkeling*

Pretorius (1998a:23) wys daarop dat 'n stabiele affektiewe lewe voorwaarde is vir toereikende kognitiewe en normatiewe ontwikkeling en leer. Die kind moet veiligheid beleef en vry wees van vrees alvorens hy sosiaal sal kan inskakel by sy portuurgroep en akademies kan vorder op skool. Ten einde hierdie gevoelens te kan ervaar, is hy egter afhanklik van liefdevolle versorging, vertroue, onvoorwaardelike aanvaarding, gesag en begrip deur sy ouers. Gebaseer op 'n stabiele affektief-emosionele belewing sal die kind bereid wees om te waag, te eksploreer, aandag te gee, selfstandig op te tree volgens die ouderdoms- en ontwikkelingsniveau waarop hy hom bevind, keuses te maak en besluite te neem. Dit is byvoorbeeld belangrik dat 'n voorskoolse kind sal kan inskakel by 'n groep, maar ook onafhanklik sal kan werk en speel. Hy moet met maats kan speel, maar ook kan wedywer en ander se gedrag na waarde kan skat (Pretorius, 1998a:25; De Witt, 1985:167).

Affektiewe stabilisering skiet egter dikwels tekort in die opvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, meestal weens ouers wat té veel verpligtinge het om na te kom of vanweë opvoedingsfoute soos oorbeskerming en

onbetrokkenheid, soos wat dikwels die geval is by milieu-benadeelde ouers (Lambinon, 1987:4). Aangesien die milieu-benadeelde ouer selde in die behoeftes van die kind voorsien, bly die milieu-benadeelde voorskoolse kind derhalwe dikwels in gebreke ten aansien van hierdie vaardighede en eienskappe.

Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ontvang dikwels nie die nodige mate van liefde en warmte binne die gesinsituasie om aan hom gevoelens van geborgenheid en lewensekerheid te verskaf nie. Hierbenewens intensiveer aspekte soos gesinslabiliteit, gesinsverbrokkeling en opvoedingsverwaarlosing affektiewe labiliteit en 'n belewing van onveiligheid, wat kenmerkend is van die milieu-benadeelde kind. Om dié rede betree die kind sy omgewing op 'n onsekere, gespanne en angstige wyse, wat dikwels in mislukking resulteer (Pretorius, 1998a:44).

Weens emosionele deprivasie word die affektiewe ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie toereikend voltrek nie. Hierbenewens is hy dikwels nie sosiaal vaardig nie, selfgesentreerd en voortdurend ingestel op die vervulling van sy eie onvervulde emosionele behoeftes (Pretorius, 1998a:47).

Die milieu-benadeelde voorskoolse kind is gevolglik selde affektief gereed om te leer wanneer hy tot die formele skoolsituasie toetree. Hy openbaar gewoonlik 'n speelse ingesteldheid en is selde daartoe in staat om homself daarvan te distansieer ten einde te voldoen aan die eise van die skool. As 'n gevolg sukkel hy om die nodige gewenste gedragspatrone met betrekking tot selfkontrole, wat belangrik is vir skooltoetrede, te verwerklik, byvoorbeeld die vermoë om met aandag te kan luister, aandagtig te kan konsentreer en homself in te span om 'n taak te voltooi (Pretorius, 1998a:51).

Booyse (1994:127-128) identifiseer kenmerkende houdinge en gedragspatrone van die milieu-benadeelde kind in die klas- en skoolsituasie, op grond van sy

affektiewe labiliteit. Alhoewel die werk deur Booyse betrekking het op die skoolgaande kind, kan die volgende kenmerke (as enkele van die kenmerke geïdentifiseer deur Booyse) ook op die voorskoolse kind van toepassing gemaak word:

- hy openbaar persoonsprobleme
- hy openbaar sosiale probleme, wat daartoe lei dat hy nie maklik by 'n groep inskakel nie en geneig is tot isolasie en vervreemding
- hy is sensitief vir enige verwysing na sy tekortkominge
- sy konsentrasie is gebrekkig en hy onderpresteer
- hy openbaar gedragsprobleme
- hy identifiseer met ongewenste maats
- hy is dikwels onversorg, verwaarloos en onnet in voorkoms
- hy is ongewild weens swak gedrag en swak prestasie
- hy beleef 'n blywende verwagtingsangs in sy kontak met mense en dinge
- hy beleef minderwaardigheidsgevoelens
- hy openbaar wrewel, beleef gekrenktheid op grond van mislukking en is jaloers op suksesvolle medeleerlinge.

#### *3.3.3.4.2 Kognitiewe ontwikkeling*

Volgens Wielemans (1984:101-102) word die vroeë kinderjare, veral die eerste vier jaar, as beslissend beskou met betrekking tot die kognitiewe ontwikkeling van die kind, onder andere weens die feit dat 50% van sy intellektuele ontwikkeling gedurende dié tydperk voltrek word. Weens die gebrek aan stimulerende aktiwiteite en weens beperkte ervaringe in die milieu-benadeelde situasie, word die optimale ontwikkeling van kognitiewe vaardighede by die kind belemmer, wat daartoe lei dat kinders uit milieu-benadeelde gemeenskappe dikwels swakker vertoon met betrekking tot kognitiewe vermoëns.

Vanweë die ingesteldheid dat kinders in milieu-benadeelde gemeenskappe bloot gehoorsaam moet wees sonder dat daar enige verduideliking verskaf word ten aansien van onaanvaarbare gedrag, ontwikkel die kind se vermoë om te redeneer nie toereikend nie. Op dié wyse bepaal die gesagsverhouding derhalwe die gedrag wat deur die kind geopenbaar word en is daar 'n gebrek aan insig en begrip by die kind ten aansien van die redes waarom bepaalde gedrag wenslik is. Die kind word nie tot probleemoplossingsgedrag begelei nie, waar 'n situasie eers kognitief geanaliseer word alvorens daar tot gepaste gedrag oorgegaan word. Sodoende word die vermoë van die milieu-benadeelde kind nadelig beïnvloed deur 'n beperkte mate van gesprekvoering, asook die beperkte taalgebruik waaraan hy tuis blootgestel word (Wielemans, 1984:101).

Wielemans (1984:111-112) verwys na Marjoribanks (1972), wat die volgende omgewingskenmerke identifiseer wat 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die intelligensie van die kind:

- stimulering van die prestasieniveau van die kind
- bevordering van die aktiwiteitsniveau
- stimulering van intellektuele gedrag
- bevordering van onafhanklike gedrag
- bevordering van moedertaalgebruik
- stimulering van die aanleer van 'n vreemde taal
- betrokkenheid van die vader by die aktiwiteite van die kind
- betrokkenheid van die moeder by die aktiwiteite van die kind.

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking, veral die gedeelte wat handel oor die betrokkenheid en kenmerkende opvoedingstyl van die milieu-benadeelde ouer, is dit duidelik dat bovermelde omgewingskenmerke selde verwerklik word in die milieu-benadeelde opvoedingsituasie. Die afleiding kan gemaak word dat die intellektuele ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie

toereikend verwerklik word nie, op grond van onder andere die ouers se opvoedingsgedrag en dit wat hulle as waardes nastreef.

Met betrekking tot prestasiegemotiveerdheid, wat dui op die vermoë om te konsentreer, die self in te span vir 'n taak, bereid te wees om te volhard totdat 'n taak voltooi is, te beplan vir die kort- en langtermyn en onmiddellike behoeftebevrediging te kan uitstel, word kinders uit laer sosio-ekonomiese klasse gewoonlik gekenmerk deur 'n laer aspirasieniveau, laer beroepsambisies en 'n swakker vermoë om behoeftebevrediging uit te stel. Prestasiegemotiveerdheid by kinders word deur twee faktore in die opvoeding bepaal, naamlik die mate van opvoeding tot prestasiegerigtheid en die stimulering van selfstandige, onafhanklike gedrag (Wielemans, 1984:106-107). Aangesien nie een van hierdie aspekte van waarde geag word deur die milieu-benadeelde ouer nie, word dit nie toereikend verwerklik tydens die ouer se opvoedingsgedrag nie, wat daartoe lei dat die milieu-benadeelde voorskoolse kind 'n swak prestasiegemotiveerdheid openbaar.

Holden (1995:374) verwys na navorsing deur Katkovsky, Preston en Crandall (1964), waarvolgens ouers se houding ten opsigte van hulle eie prestasies waarneembaar is in die gedrag wat hulle teenoor hulle kinders openbaar. Ouers wat byvoorbeeld intellektuele prestasie as belangrik beskou, is in 'n groter mate betrokke by hulle kinders se intellektuele aktiwiteite. In milieu-benadeelde gemeenskappe, waar ouers dikwels swak geletterd of selfs ongeletterd is, kan derhalwe verwag word dat die ouers nie die optimale ontwikkeling van hulle kinders se kognitiewe vermoëns sal stimuleer en aanmoedig nie. As 'n gevolg verwerklik die kind selde die volle potensiaal waaroor hy beskik.

#### *3.3.3.4.3 Sosiale ontwikkeling*

Volgens Wielemans (1984:104-105) is dit vir enige kind belangrik om sosiale vaardighede te ontwikkel en presteer sogenaamde "aanvaarde" leerders en kinders wat sosiaal vaardig is gewoonlik beter as dié wat nie deur die portuurgroep aanvaar word of sosiaal vaardig is nie. Navorsing dui daarop dat voorskoolse kinders uit milieu-benadeelde groeperinge swakker presteer op 'n sosialiteitskaal. Hierbenewens is hierdie kinders gewoonlik minder spontaan, meer teruggetrokke en meer geïsoleerd, in vergelyking met kinders uit hoër sosio-ekonomiese klasse. Hulle is minder geneig tot interaksie met ander kinders in die groep, speel minder saam met ander kinders, lê geen inisiatief aan die dag nie en oefen nie 'n invloed op groepspel uit nie. Hulle is minder spontaan teenoor hulle onderwysers en minder geneig tot gesprekvoering of om hulp te vra. Hulle streef nie daarna om ander kinders te domineer, inspraak te lewer in spel of hulle wil te laat geld nie. Dit is egter bevind dat, alhoewel kinders uit 'n laer sosio-ekonomiese milieu minder sosiaal optree in groepsverband, hulle, net soos kleuters uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge, graag met ander deel en help in die klas.

Terwyl voorskoolse kinders uit hoër sosiale klasse gewoonlik die leiding neem en die verloop van gebeure bepaal, is die voorskoolse kind uit 'n laer klas geneig om bloot toe te kyk, ander te volg en diensbaar te wees. Die verhoudinge tussen die onderskeie sosio-ekonomiese klasse, soos uitgespel in die groter maatskaplike struktuur in die samelewing, is dus reeds in die gedrag van voorskoolse kinders opmerklik. Aangesien kinders uit 'n milieu-benadeelde omgewing minder op hulle gemak voel in die klas as kinders uit hoër sosiale klasse, pas hulle gewoonlik moeiliker aan in die skool, nie alleen op grond van belangrike vaardighede wat by hulle ontbreek nie, maar ook weens die feit dat tipiese klasgebeure die ontwikkeling van moontlikhede by hulle belemmer (Wielemans, 1984:105-106).

## 3.4 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om waarde-oriëntasie as faktor by die gesinsopvoeding van die milieu-benadeelde voorskoolse kind te ondersoek, meer spesifiek in terme van die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer enersyds en tipiese ouerlike opvoedingstyle, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind andersyds.

Ouerlike opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is aan die hand van verskeie modelle bespreek. Alhoewel teen veralgemening gewaak moet word, blyk dit dat die milieu-benadeelde ouer hoofsaaklik beperkend en outoritêr is in die opvoedingsgedrag wat hy verwerklik. Hierbenewens openbaar hy dikwels 'n gebrekkige mate van emosionele warmte en steun teenoor sy kind.

Hierdie geneigdheid van die milieu-benadeelde ouer hou sterk verband met dit wat hy as waardes nastreef en as doelwitte stel in die opvoeding van sy kind. Ouers uit laer sosio-ekonomiese klasse beklee gewoonlik sogenaamde blouboordjieberoepe, waar gehoorsaamheid aan outoriteit en konformiteit aan algemeen aanvaarde reëls en gedrag belangrik is. Gevolglik streef die ouer waardes soos gehoorsaamheid, konformiteit en netheid na en poog hy deurgaans in sy opvoeding om dit by die kind te laat ontwikkel. Hierdie geneigdheid resulteer in opvoedingstyle soos die dominante, intolerante (outokratiese), koue en onverskillige opvoedingstyle. Hierbenewens verwerklik milieu-benadeelde ouers soms die toegeeflike of betrokke opvoedingstyl.

Die invloed van die genoemde opvoedingstyle blyk grootliks nadelig te wees, nie slegs ten aansien van die invloed daarvan op die gedrag, belewinge en persoonlikheidsontwikkeling van die kind nie, maar ook ten aansien van ander aspekte van ontwikkeling, asook selfkonsepvorming. By die milieu-benadeelde

voorskoolse kind word positiewe selfkonsepvorming selde verwerklik, op grond van die opvoedingsgedrag van die ouer, wat weer op 'n bepaalde waarde-oriëntasie berus. Wat kinderlike ontwikkeling betref, wil dit voorkom of tipiese opvoedingsgedragspatrone van milieu-benadeelde ouers dikwels negatiewe gevolge het.